

**BEROEPSVERWAGTINGE VAN 'N GROEP  
AFRIKAANSSPREKENDE  
ST. 10 MEISIES**

**ingelewer deur**

**NICOLAAS HENDRIK HAVENGA**

**B.A. B.Ed.(Skoolvoorgligting) (UNISA); P.O.S.; P.H. (Handwerk) (GRO)  
Dipl. BYBELKUNDE (PU VIR CHO)**

**skripsie goedgekeur vir die gedeeltelike nakoming van die  
vereistes vir die graad:**

**Magister Educationis**

**aan die  
POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOër ONDERWYS**

**in die**

**Fakulteit Opvoedkunde**

**(Departement Voorgligting en Ortopedagogiek)**

**Studieleier: Dr. J.L. Marais  
1988**

## DANKBETUIGING

By die afhandeling van hierdie studie kom daar 'n diepe gevoel van dankbaarheid dat dit my gegun was om dit te kon doen. Ek wil graag my dank aan die volgende persone en instansies betuig:

My geagte studieleier, Dr. J.L. Marais, vir bekwame en simpatieke leiding. Sy vormende kritiek word hoog gewaardeer.

Die Direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement vir toestemming om die studie by bepaalde Hoërskole te kon doen.

Die Buro vir Onderwysnavorsing van die Transvaalse Onderwysdepartement vir waardevolle wenke.

Die Hoofde en standerd tien-meisies van die skole waar die ondersoek gedoen is. Sonder hulle vriendelike samewerking sou die studie nie moontlik gewees het nie.

Prof. dr. H.S. Steyn van die Statistiese konsultasiediens van die PU vir CHO vir raad en verwerking van die gegewens.

Prof. H.G.W. du Plessis vir die taalversorging en prof. A. Combrinck vir die Engelse vertaling van die opsomming.

Mev. Francis Labuschagne vir die netjiese en keurige tikwerk.

Die personeel van die Ferdinand Postmabiblioteek en die personeel van die RAU-biblioteek vir hul flinke en vriendelike hulpvaardigheid.

Aan my vrou, Elize, en ons kinders, Marietjie en Nickie, my innige dank en waardering vir hulle bystand en offervaardigheid tydens hierdie studie.

SOLI DEO GLORIA

## INHOUDSOPGAW

|                                                                   |    |
|-------------------------------------------------------------------|----|
| HOOFSTUK 1                                                        | 1  |
| PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN VERLOOP VAN DIE                 |    |
| ONDERSOEK                                                         | 1  |
| 1.1 INLEIDING                                                     | 1  |
| 1.2 AANLEIDING TOT DIE ONDERSOEK EN PROBLEEMSTELLING              | 1  |
| 1.3 DIE DOEL VAN DIE NAVORSING                                    | 3  |
| 1.4 METODE VAN ONDERSOEK                                          | 3  |
| 1.5 VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK                                     | 4  |
| 1.6 SAMEVATTING                                                   | 4  |
| HOOFSTUK 2                                                        | 5  |
| FAKTORE WAT MEISIES SE BEROEPSKEUSE EN BEROEPSVERWAGTING          |    |
| BEÏNVLOED                                                         | 5  |
| 2.1 INLEIDING                                                     | 5  |
| 2.2 BEROEPSIDENTIFIKASIE VAN MEISIES                              | 6  |
| 2.3 DIE INVLOED VAN OERS, DIE PORTUURGROEP, ONDERWYSERS,          |    |
| TELEVISIE EN SKOOLVOORLIGTERS OP MEISIES SE BEROEPSKEUSES         | 8  |
| 2.3.1 Die invloed van ouers op meisies se beroepskeuses           | 8  |
| 2.3.2 Die invloed van die portuurgroep op meisies se              |    |
| beroepskeuses                                                     | 10 |
| 2.3.3 Die invloed van onderwysers op meisies se beroepsoriëntasie | 11 |
| 2.3.4 Die invloed van televisie op meisies se beroepsoriëntasie   | 11 |
| 2.3.5 Die invloed van skoolvoorligters op meisies se              |    |
| beroepsoriëntasie                                                 | 12 |
| 2.4 DIE INVLOED VAN PERSOONLIKE FAKTORE OP MEISIES SE             |    |
| BEROEPSKEUSES                                                     | 13 |
| 2.4.1 Belangstelling                                              | 13 |
| 2.4.2 Aanleg                                                      | 14 |
| 2.4.3 Studierigting en skoolopleiding                             | 15 |
| 2.4.4 Die invloed van behoeftes op beroepskeuses                  | 16 |
| 2.4.5 Beroepswaardes en meisies se beroepskeuses                  | 17 |
| 2.4.6 Selfbeeld                                                   | 17 |
| 2.4.7 Vrees vir sukses                                            | 18 |
| 2.5 ANDER FAKTORE WAT 'N INVLOED OP MEISIES SE                    |    |
| BEROEPSKEUSE KAN HÊ                                               | 19 |

|                                                                                          |    |
|------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| 2.5.1 Mannekragtekorte en opleiding . . . . .                                            | 19 |
| 2.5.2 Ekonomiese en politieke invloede . . . . .                                         | 20 |
| 2.5.3 Verhoging van die onderwyspeil . . . . .                                           | 20 |
| 2.5.4 Beroepskennis . . . . .                                                            | 21 |
| 2.6 SAMEVATTING . . . . .                                                                | 21 |
| HOOFSTUK 3 . . . . .                                                                     | 23 |
| DIE METODE VAN ONDERSOEK . . . . .                                                       | 23 |
| 3.1 INLEIDING . . . . .                                                                  | 23 |
| 3.2 DIE DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK . . . . .                                       | 23 |
| 3.3 DIE KEUSE VAN DIE MEETINSTRUMENTE . . . . .                                          | 23 |
| 3.3.1 Die Senior Aanlegtoets . . . . .                                                   | 24 |
| 3.3.1.1 Die voor- en nadele van die Senior Aanlegtoets as<br>navorsingsmetode . . . . .  | 25 |
| 3.3.1.2 Beroepsprofiel geïdentifiseer met behulp van die Senior<br>Aanlegtoets . . . . . | 26 |
| 3.3.2 Die vraelys as empiriese navorsingsmetode . . . . .                                | 27 |
| 3.3.2.1 Inleiding . . . . .                                                              | 27 |
| 3.3.2.2 Die ontwerp van die vraelys as empiriese<br>navorsingsmetode . . . . .           | 27 |
| 3.3.2.3 Die voor- en nadele van die vraelys as navorsingsmetode . . . . .                | 32 |
| 3.4 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK . . . . .                                                    | 33 |
| 3.4.1 Keuse van die proefpersone . . . . .                                               | 33 |
| 3.4.1.1 Metode van steekproefneming . . . . .                                            | 34 |
| 3.4.1.2 Steekproefgrootte . . . . .                                                      | 34 |
| 3.4.2 Samestelling van die vraelys wat in hierdie ondersoek<br>gebruik word . . . . .    | 34 |
| 3.4.2.1 Keuse van die soort items vir die vraelys . . . . .                              | 34 |
| 3.4.2.2 Eerste redaksie van die vraelys . . . . .                                        | 35 |
| 3.4.2.3 Tweede redaksie van die vraelys . . . . .                                        | 43 |
| 3.4.2.4 Aspekte van die finale vraelys . . . . .                                         | 44 |
| 3.5 DIE STATISTIESE TEGNIEK . . . . .                                                    | 45 |
| 3.6 SAMEVATTING . . . . .                                                                | 45 |
| HOOFSTUK 4 . . . . .                                                                     | 47 |
| AANBIEDING VAN DIE RESULTATE . . . . .                                                   | 47 |
| 4.1 INLEIDING . . . . .                                                                  | 47 |
| 4.2 AANLEGTE EN STUDIERIGTINGS VAN DIE ONDERSOEKSGROEP . . . . .                         | 47 |
| 4.2.1 Aanlegte van die ondersoeksgroep . . . . .                                         | 47 |
| 4.2.1.1 Analise van response . . . . .                                                   | 48 |

|                                                                                                          |           |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------|-----------|
| 4.2.1.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                         | 48        |
| 4.2.2 Studierigtings van die ondersoekgroep . . . . .                                                    | 49        |
| 4.2.2.1 Analise van response . . . . .                                                                   | 50        |
| 4.2.2.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                         | 50        |
| 4.2.3 'n Vergelyking van die ondersoekgroep se studierigtings<br>en aanlegte . . . . .                   | 51        |
| 4.2.3.1 Analise van response . . . . .                                                                   | 52        |
| 4.2.3.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                         | 52        |
| <b>4.3 BEROEPSVERWAGTINGE VAN DIE ONDERSOEKGROEP . . . . .</b>                                           | <b>53</b> |
| 4.3.1 Beroepsgeleenthede in Suid-Afrika . . . . .                                                        | 53        |
| 4.3.1.1 Analise van response . . . . .                                                                   | 54        |
| 4.3.1.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                         | 55        |
| 4.3.2 Die ondersoekgroep se mening oor die waarde van<br>beroepsvoorligting . . . . .                    | 55        |
| 4.3.2.1 Analise van response . . . . .                                                                   | 56        |
| 4.3.2.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                         | 56        |
| 4.3.3 Die ondersoekgroep se mening of vroue tradisionele<br>mansberoepes kan beoefen . . . . .           | 56        |
| 4.3.3.1 Analise van response . . . . .                                                                   | 57        |
| 4.3.3.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                         | 57        |
| 4.3.4 Die ondersoekgroep se gevoel oor hulle beroepstoeikoms in<br>'n veranderende Suid-Afrika . . . . . | 58        |
| 4.3.4.1 Analise van response . . . . .                                                                   | 58        |
| 4.3.4.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                         | 59        |
| 4.3.5 Die ondersoekgroep se mening oor beroepsopleiding . . . . .                                        | 59        |
| 4.3.5.1 Analise van response . . . . .                                                                   | 60        |
| 4.3.5.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                         | 60        |
| 4.3.6 Die ondersoekgroep se toekomsverwagtinge betreffende die<br>huwelik en beroepsbeoefening . . . . . | 60        |
| 4.3.6.1 Analise van response . . . . .                                                                   | 61        |
| 4.3.6.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                         | 61        |
| <b>4.4 BEROEPSKEUSES . . . . .</b>                                                                       | <b>61</b> |
| 4.4.1 Beroepskeuses van die ondersoekgroep . . . . .                                                     | 62        |
| 4.4.1.1 Analise van response . . . . .                                                                   | 62        |
| 4.4.1.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                         | 62        |
| 4.4.2 Redes waarom 'n finale beroepskeuse nog nie gemaak is nie                                          | 63        |
| 4.4.2.1 Analise van response . . . . .                                                                   | 64        |
| 4.4.2.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                         | 64        |

|                                                                                                                                                        |    |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| 4.4.3 Beroepe gekies deur die ondersoekgroep . . . . .                                                                                                 | 65 |
| 4.4.3.1 Analise van beroepskeuses . . . . .                                                                                                            | 67 |
| 4.4.3.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                                                                       | 68 |
| 4.4.4 Persone wat die ondersoekgroep se beroepskeuses beïnvloed<br>het. . . . .                                                                        | 68 |
| 4.4.4.1 Analise van response . . . . .                                                                                                                 | 69 |
| 4.4.4.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                                                                       | 69 |
| 4.4.5 Ouers se gevoel oor die ondersoekgroep se beroepskeuses                                                                                          | 70 |
| 4.4.5.1 Analise van response . . . . .                                                                                                                 | 71 |
| 4.4.5.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                                                                       | 71 |
| 4.4.6 Beroepsopleiding van die ondersoekgroep . . . . .                                                                                                | 72 |
| 4.4.6.1 Analise van response . . . . .                                                                                                                 | 72 |
| 4.4.6.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                                                                       | 72 |
| 4.4.7 Die opleidingsinstansies van die ondersoekgroep . . . . .                                                                                        | 72 |
| 4.4.7.1 Analise van response . . . . .                                                                                                                 | 73 |
| 4.4.7.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                                                                       | 73 |
| 4.4.8 Respondente wat beplan om eers later te studeer . . . . .                                                                                        | 74 |
| 4.4.8.1 Analise van response . . . . .                                                                                                                 | 75 |
| 4.4.8.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                                                                       | 75 |
| 4.4.9 Redes waarom beplan word om eers later te studeer . . . . .                                                                                      | 75 |
| 4.4.9.1 Analise van response . . . . .                                                                                                                 | 76 |
| 4.4.9.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                                                                       | 76 |
| 4.4.10 'n Vergelyking van die ondersoekgroep se beroepskeuses<br>met hulle aanlegte en studierigtings . . . . .                                        | 76 |
| 4.4.10.1 Analise van response . . . . .                                                                                                                | 77 |
| 4.4.10.2 Gevolgtrekking . . . . .                                                                                                                      | 77 |
| 4.5 SAMEVATTING . . . . .                                                                                                                              | 78 |
| HOOFSTUK 5 . . . . .                                                                                                                                   | 81 |
| SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS . . . . .                                                                                                 | 81 |
| 5.1 INLEIDING . . . . .                                                                                                                                | 81 |
| 5.2 SAMEVATTING . . . . .                                                                                                                              | 81 |
| 5.2.1 Doelstelling (vgl. par. 1.3 & 3.2) . . . . .                                                                                                     | 81 |
| 5.2.2 Faktore wat meisies se beroepskeuses beïnvloed (vgl.<br>Hoofstuk 2) . . . . .                                                                    | 82 |
| 5.2.2.1 Beroepsidentifikasie van meisies (vgl. par. 2.1) . . . . .                                                                                     | 82 |
| 5.2.2.2 Die invloed van ouers, die portuurgroep, onderwysers,<br>televisie en skoolvoorligters op meisies se beroepskeuses<br>(vgl.par. 2.3) . . . . . | 82 |

|                                                                                         |    |
|-----------------------------------------------------------------------------------------|----|
| 5.2.2.3 Die invloed van persoonlike faktore op meisies se beroepskeuses (vgl. par. 2.4) | 83 |
| 5.2.2.4 Ander faktore wat 'n invloed op meisies se beroepskeuses het (vgl. par. 2.5)    | 83 |
| 5.2.3 Metode van ondersoek (vgl. Hoofstuk 3)                                            | 84 |
| 5.2.4 Aanlegte en studierigtings van die ondersoekgroep (vgl. par. 4.2)                 | 84 |
| 5.2.5 Beroepsverwagtinge van die ondersoekgroep (vgl. par. 4.3)                         | 84 |
| 5.2.6 Beroepskeuses van die ondersoekgroep (vgl. par. 4.4)                              | 85 |
| 5.3 GEVOLGTREKKINGS                                                                     | 85 |
| 5.4 AANBEVELINGS                                                                        | 86 |
| 5.5 LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK                                                           | 87 |
| 5.6 AANBEVELINGS VIR VERDERE ONDERSOEK                                                  | 87 |
| 5.7 SLOTPMERKING                                                                        | 87 |
| BRONNELYS                                                                               | 89 |

## LYS VAN TABELLE

- Tabel 4.1     Aanlegte van die ondersoekgroep
- Tabel 4.2     Studierigtings van die ondersoekgroep
- Tabel 4.3     Die mate waarin die ondersoekgroep se studierigtings en aanlegte ooreenstem
- Tabel 4.4     Is daar voldoende beroepsgeleenthede vir blanke meisies in Suid-Afrika?
- Tabel 4.5     Is beroepsvoorligting vir u van waarde?
- Tabel 4.6     Kan vroue tradisionele mansberoepe volg?
- Tabel 4.7     Voel u onseker oor u beroepstoekoms?
- Tabel 4.8     Is beroepsopleiding belangrik?
- Tabel 4.9     Verwagtinge betreffende die huwelik en beroepsbeoefening
- Tabel 4.10    Het u reeds 'n finale beroepskeuse gemaak?
- Tabel 4.11    Redes waarom 'n finale beroepskeuse nog nie gemaak is nie
- Tabel 4.12    Beroepskeuses van die ondersoekgroep
- Tabel 4.13    Aanlegrigtings van die ondersoekgroep se beroepskeuses
- Tabel 4.14    Persone wat die ondersoekgroep se beroepskeuses beïnvloed
- Tabel 4.15    Ouers se gevoel oor die ondersoekgroep se beroepskeuses
- Tabel 4.16    Is opleiding nodig vir u beroepskeuse?
- Tabel 4.17    Opleidingsinstansies

Tabel 4.18 Beplan u om eers later te studeer?

Tabel 4.19 Redas waarom beplan word om eers later te studeer

Tabel 4.20 Die mate waarin die ondersoekgroep se beroepskeuses met hulle aanlegte en studierigtings ooreenstem

Bylae A    Universiteitsgrade gegroepeer in agt breë studierigtings.

Bylae B    Beroepsprofile volgens aanlegte (senior aanlegtoets)

Bylae C    Die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik word.

## SUMMARY

This study had a dual objective. The first was to determine which factors influenced the career choice of girls and the second whether their actual choices coincided with their aptitudes.

Socialization has a direct influence on the identification of girls with their careers. From an early age their behaviour is in line with the traditional roles (femininity, attractiveness, etc.) which society holds up to them. This is also true about occupations regarded as being suitable for girls. Girls therefore tend to choose their careers from a limited sphere.

The style of parents's upbringing of their children also has an influence on the development of a girl's sex role identity, and therefore her career orientation. The peer group, especially male friends, has a tremendous influence during adolescence on the formation of a girl's sex role identity and career orientation. Pressure from the peer group tends to make girls feel that popularity and attractiveness are more important than academic achievement and high professional aspirations. It also appears that teachers do not play a significant role in the career orientation of girls.

The influence of television on the career orientation of girls can be traced back to the influence on the patterns of interest of television viewers. It emerges that television programmes represent sex roles in a stereotyped manner. Through that, patterns of interest in the fields of "Social work" and "Practical-female" (19-Field Interest Questionnaire) are reinforced.

School counsellors do not have a big influence on the career choices of girls.

Boys and girls both regard the aspects of interest highly in making a choice of career. Girls tend, however, to give high credence to the rendering of service and to welfare. Boys tend to look more strongly at good income and good opportunities for promotion.

The training of girls is directed more at the development of aptitudes in a field in the Humanities, in secretarial and clerking positions. The result of this is that girls mostly follow a domestic, caring and administrative course of study.

The career values of girls and their self-image have a negative influence on their career orientation. This leads to the situation that fear of success inhibits them from developing their full professional potential.

Other factors, such as manpower shortages, economic and political conditions, the improvement of the level of education and professional knowledge separately or in conjunction, have an influence on girls' career preferences and expectations.

For the purposes of this study the Senior Aptitude Test, professional profiles identified with the aid of the Senior Aptitude Test and a questionnaire were used. Three aspects are covered by the questionnaire:

- \* Field of study
- \* Career expectations
- \* Choice of career

All the Afrikaans-speaking matriculants of four Afrikaans-medium high schools in a particular metropolitan area participated in the project.

The data were statistically processed with an SAS computer programme.

Fields of study and aptitudes of the study group do not correlate. Most respondents' strongest aptitudes are in the Humanities, while they are in fact following courses in the field of Economics.

Most respondents are of the opinion that there are adequate work opportunities for white girls in the RSA, but feel that career counselling did not make adequate provision for girls.

The study group are of the opinion that girls can do traditionally male jobs. There is a fair amount of uncertainty, however, about the professional future of white girls in a changing RSA. Professional training is thus regarded as being very important.

More than half of the group (67,2%) expect to marry and still to have a career.

Most of the respondents (176 out of 277) have made a final career choice. The reason why the rest have not made career choices could largely be attributed to too little knowledge about careers.

Five careers, viz. secretarial, teaching, nursing, social work and clerking, represent the largest percentage (35,4%) of the study group's career choices. The study group mainly made their choices on their own volition, and most parents are satisfied with their daughters' choices of career.

Training is essential for most careers, mainly at universities and technikons. Too little knowledge of careers and financial considerations gave rise to the fact that some respondents (71 out of 277) planned to study later.

In the consideration of the results of the investigation, the following conclusions could be reached:

The process of socialization still holds up the caring role, service and femininity to girls as the ideal. In that way girls' aptitudes in the fields of the Humanities and in medicine are reinforced. In spite of that, the greatest percentage of girls followed a commercial course. The conclusion that is reached is that they feel "safe" in this field of study, because the traditional expectation is that they will go and work as a typist or a secretary.

Girls therefore choose a field of study in Standard seven which is not in line with their aptitudes. It emerges that girls do not receive adequate counselling in Standard seven, and that being a secretary or a teacher is still held up to them by the Guidance teacher. The career choices of

the study group therefore correlate with their fields of study, but not with their aptitudes. The conclusion that can be reached is that a large percentage of the study group would seem to have made an unrealistic choice of career, probably because they did this from a limited professional awareness. This can probably be ascribed to the traditional values and roles held for girls.

Other conclusions which emerge from this study:

- \* The respondents are not properly informed about the changes occurring in the RSA.
- \* The study group dispose of too little information about professional training, although they seem to be aware of its importance.
- \* Girls want to move away from the traditional sex role of wife and mother, and want to reconcile career and marriage.
- \* Most respondents do not dispose of adequate self-knowledge to come to a realistic choice of career without some supportive action.
- \* The female work force in South Africa is very valuable and an important source of executive and highly qualified manpower which should not be neglected. The place which women fill in the career world and its implications should enjoy special attention in school guidance. It is especially necessary that girls be made aware of their career potential but also of career options and problems.

A school guidance teacher should take note of the fact that girls's career orientation is different from that of boys, and should adjust the counselling programme accordingly. One cannot, therefore, have the same programme for boys and girls.

If it should be accepted that the role of woman in the business world is important, it is essential that career and course guidance in school be improved on an ongoing basis. Such improvement can only take place if the process of career counselling makes provision for the dynamic as well as the scientific dimensions of career choice and career development of

girls in particular. The career orientation of girls is a lifelong process. It goes much further than mere career counselling. It is comprehensive, encompassing the girl in her totality. It also points to co-ordinated planning by all persons and institutions involved. It is only in this way that the optimal utilization of available manpower in its full implications can be attained.

## HOOFSTUK 1

### PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

#### 1.1 INLEIDING

Sedert die Tweede Wêreldoorlog was daar in die RSA 'n groeiende besef aan die noodsaaklikheid van industriële ontwikkeling en ekonomiese groei. 'n Gevolg hiervan was dat die RSA 'n tydperk van fenomenale ekonomiese en industriële vooruitgang binnegegaan het (Roos, 1984:2). Om hierdie tempo van ontwikkeling vol te hou, word opgeleide werkkrag vereis (Verhage, 1984:9-12). 'n Analise van arbeidstatistieke toon dat vroue se beroepsdeelname grootliks in hierdie behoefte kan voorsien. Die beroepsdeelname van vroue, in die Suid-Afrikaanse ekonomie, gaan dus 'n belangrike komponent word waarmee daar deeglik in die toekoms rekening gehou sal moet word (Van Rooyen, 1981:2-3).

#### 1.2 AANLEIDING TOT DIE ONDERSOEK EN PROBLEEMSTELLING

Die afgelope aantal jare was daar wêreldwyd 'n groeiende tendens onder vroue om tot die arbeidsmark toe te tree en ekonomies bedrywig te raak. 'n Soortgelyke tendens was ook in die RSA te bespeur. Teen 1960 het 19% van die blanke getroude vroue reeds tot die arbeidsmark toegetree. Hierdie getal het toegeneem tot 24% in 1970 en 29% in 1980 (Hirschowitz, 1986).

Syfers van die Eenheid vir Toekomsnavorsing aan die Universiteit van Stellenbosch toon dat daar teen 1990 'n tekort van 1 300 000 geskoolde werkers kan wees (Roos, 1984:3). Dit is duidelik dat vroue 'n besondere

bydrae op die arbeidsterrein in die RSA, veral op die uitvoerende vlak, kan maak (Van Rooyen, 1981:2; Van der Merwe, 1984:8).

Alhoewel vroue oor die potensiaal, vermoë en aanleg beskik om mans by te staan in die arbeidsveld, en selfs met hulle te kompeteer, toon werklike statistiek dat vroue neig om in 'n beperkte werksfeer te beweeg (Van Rooyen, 1981:3; Van der Merwe, 1984:8).

Jong meisies se prestasies, gedrag en beroepsaspirasies word dikwels beperk as gevolg van die tradisionele waardes en rolle wat vir meisies geld (Van Wyngaard, 1984:29). Volgens Paolo Detti (Ford, 1985:15) word aanvaar dat mans 'n bepaalde taak kan verrig terwyl vroue dikwels moet demonstreer dat hulle opgewasse is om 'n spesifieke taak te verrig. Indriati Makki wys egter daarop dat vroue in bepaalde beroepe net so goed, of selfs beter, as mans met dieselfde opleiding kan vaar (Ford, 1985:16).

Tradisioneel word sekere beroepe as mansberoeps gesien. As gevolg van ekonomiese groei in die sestiger- en sewentigerjare het daar tekorte aan geskikte mans in baie van die "eksklusiewe" mansberoepe ontstaan. Werkgewers is gevolglik bereid om dames in heelwat van die beroepe in diens te neem, op te lei of finansiële ondersteun tydens die opleiding (Beneria, 1982:xv; Smit, 1978:45). Die gebruik van manlik of vroulik in beroepstitels en werkbeskrywings het ook verdwyn (Schreiber, 1979:1).

Dit blyk egter uit die literatuur dat meisies, desnieteenstaande hulle groter deelname aan die arbeidsmag, nog steeds spesiale beroepskeuse probleme ondervind (Gershenfeld, 1987:1-8; Osipow, 1983:269).

In die volgende 20 jaar gaan al meer vroue hul tot die beroepsveld wend. Meisies moet daarom van hulle potensiaal, beroepsmoontlikhede, beperkings en rolle bewus gemaak word (Van Rooyen, 1981:202; Roos, 1984:4-6). Die voorligteronderwyser gaan dus 'n besondere taak hê om meisies te help om nuwe beroepshorisonne te open (Cetron et al., 1982:18-29; Marais, 1986:6; Walz, 1987:18-19).

Uit die voorgaande beredenering kom die volgende drie vrae na vore:

1. Watter beroepe word deur Afrikaanssprekende standerd tien-meisies gekies?
2. Is hierdie keuses in ooreenstemming met hulle aanlegte?
3. Word standerd tien-meisies se beroepskeuses deur die tradisionele siening, nl. dat haar keuse op grond van geslag beperk is, beïnvloed?

### 1.3 DIE DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doel van hierdie navorsing is dus om te bepaal:

- (i) watter faktore die beroepskeuses van meisies beïnvloed;
- (ii) wat die moontlikhede (aanlegte) van 'n groep Afrikaanssprekende standerd tien-meisies is en of
- (iii) hulle beroepskeuse in ooreenstemming daarmee is.

### 1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Die studie val uiteen in 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.

Die literatuurstudie sal toegespits word op faktore wat meisies se beroepskeuses beïnvloed.

Die empiriese ondersoek behels die volgende: Die afneem van die Senior Aanlegtoets (SAT) om beroepsprofile vir die ondersoekgroep daar te stel (vergelyk 3.3.1.2). Die opstel en afneem van 'n vraelys om inligting oor die ondersoekgroep se studierigtings, beroepskeuses en -verwagtinge te bekom (sien 3.4.2).

Die aanlegte sal met behulp van die SAS-rekenaarprogram (SAS Institute, 1985) verwerk word om die sterkste beroepsprofile, volgens die aanlegte, daar te stel. Die vraelysresponse sal ook met behulp van 'n SAS-rekenaarprogram verwerk word (sien 3.5). Op grond van die resultate sal gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word (vergelyk Hoofstuk 4).

## **1.5 VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK**

Waar hierdie studie handel oor die beroepsverwagtinge van 'n groep standaard tien-meisies, sal die klem in Hoofstuk 2 val op faktore wat die beroepskeuses van meisies beïnvloed.

In Hoofstuk 3 sal die empiriese ondersoek gemotiveer word. Die doel van die ondersoek, die metodes van navorsing, die keuse van die skole en populasie, meetinstrumente en statistiese tegniek sal bespreek word.

In Hoofstuk 4 sal die ondersoekresultate getabuleer en bespreek word. In die slothoofstuk, Hoofstuk 5, word 'n samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings aangebied.

## **1.6 SAMEVATTING**

In Hoofstuk 1 is die aanleiding tot die ondersoek, die probleemstelling, doel, metode en verloop van die ondersoek toegelig. In Hoofstuk 2 word die faktore wat meisies se beroepsverwagtinge beïnvloed, bespreek.

## HOOFSTUK 2

### FAKTORE WAT MEISIES SE BEROEPSKEUSE EN BEROEPSVERWAGTING BEÏNVLOED

#### 2.1 INLEIDING

'n Hele aantal faktore oefen 'n belangrike invloed op meisies se ontwikkeling tot beroepsvolwassenheid en uiteindelijke beroepskeuses uit. Om 'n volledige beeld van hoe beroepsverwagtinge vorm, te gee, moet hierdie faktore nader ondersoek word. Vier van die faktore wat relevant vir die studie is, sal in Hoofstuk 2 aandag geniet, nl. die beroepsidentifikasie van meisies, die milieu (ouers, portuurgroep, ens.), persoonlike faktore (belangstelling, aanleg, ens.) en ander faktore soos die land se mannekragsposisie, ekonomie en beroepskennis.

Uit die voorafgaande probleemformulering blyk dit dat die beroepstoetrede van meisies 'n lang historiese aanloop het en dat hulle beroepsoriëntasie en -verwagtinge dus anders as dié van seuns sal wees.

Die anderse beroepsoriëntasie van meisies is waarskynlik aan die tradisionele rolverwagting van meisies toe te skryf (Van Rooyen, 1981:59). Daar word gesê dat waar mans hul lewens rondom hul beroep bou, vroue neig om hul lewens rondom hul mans te bou (Gershenfeld, 1987:1; Van Rooyen, 1984:18).

Die aandag word vervolgens op die vier faktore, nl. beroepsidentifikasie, die milieu, persoonlike faktore en ander faktore wat ook 'n invloed op meisies se beroepskeuse kan hê, gevestig.

## 2.2 BEROEPSIDENTIFIKASIE VAN MEISIES

Meisies se identiteitsvorming is 'n direkte uitvloeisel van hulle sosialisering. Sosialisering het dus 'n invloed op meisies se beroepsidentifisering.

Sosialisering kan gesien word as die proses waardeur 'n samelewing sy kultuur as 'n besondere leefwyse, oordra van een geslag na die ander (Cilliers & Joubert, 1966:167).

Ireson (in Stromberg & Harkess, 1978:178) beskou sosialisering as 'n interaktiewe handeling waardeur 'n persoon se gedrag en persoonlikheidseienskappe gemodifiseer word in ooreenstemming met die verwagtinge wat ander van hom of haar koester. Wanneer 'n meisie dus 'n nuwe sosiale posisie bereik, bv. dié van tiener, word sy gesosialiseer in die rol wat van daardie posisie verwag word, en sy identifiseer daarmee.

Hierdie sosialiseringsproses word geïnisieer deur omgewingsfaktore soos die familie, skool en portuurgroep, maar ook persoonlike faktore soos belangstelling en aanleg. Bogenoemde faktore het 'n invloed op meisies om met bepaalde beroepe te identifiseer (Oosthuizen, 1982:11-12; Van Rooyen, 1981:4).

Kinders van 18 maande dra reeds kennis van geslagsrolle wat kenmerkend van 'n gemeenskap is. Namate hulle ouer word identifiseer hulle al meer met die stereotiepe beskouinge oor geslagsrolle. Die twee-jarige se geslagsrolidentiteit is reeds gevestig, en kan moeilik verander word (Fagot & Leinbach, 1985:684-6; Robison-Awan et al., 1986:179).

Meisies se gedrag is dus reeds van jongs af in ooreenstemming met die tradisionele verwagting van meisies. Omdat die een geslag na die ander dieselfde gedrag aanvaar, word dit van een geslag na die ander oorgedra (Colwill, 1982:6). Reeds in 1972 het Lena Nicol (In Van Wyngaard, 1984:28) opgemerk: "Gun die dogter van vandag die opvoeding wat haar intelligensie verdien, maar nooit ten koste van haar ingebore vroulikheid wat 'n ware vrou se kosbaarste besit is nie."

Die gemeenskap is egter geneig om die geslagsrol van meisies as minderwaardig teenoor dié van seuns by akademiese prestasie en beroepskeuses te beskou (German, 1982:370). Windolf (in Bontius, 1986:321) koppel byvoorbeeld die begrip "beroepsidentiteit" slegs aan seuns. Volgens hom lê die meisie se identiteit slegs in moederskap en uiterlike skoonheid. Daar is dus sprake van "manlike" en "vroulike" beroepsidentiteit (Bontius, 1986:321).

Volgens Beck-Gernsheim (in Bontius, 1986:321) kan seuns en meisies slegs 'n "manlike" beroepsidentiteit vorm. Sy is van mening dat die meisie slegs 'n beroepsidentiteit kan vorm indien sy haar losmaak van die gesin en ander tipies vroulike aktiwiteite.

Hierdie benadering wil meisies vermanlik, omdat hulle 'n "manlike" beroepsidentiteit moet aanneem. Dit plaas meisies in 'n haas onmoontlike posisie (Shapiro, 1987:167).

Huisman (in Bontius, 1986:321) wys daarop dat meisies 'n hoë prys moet betaal indien hulle 'n "manlike" beroepsidentiteit probeer aanneem. In die oë van ander en haarself verloor sy haar identiteit as vrou.

Hierdie toedrag van sake is vir baie meisies 'n bron van konflik. Hulle vermy egter die konfliksituasie deur vroeg in hulle lewe reeds vroulike mikpunte (aantreklikheid, huislikheid en hulpvaardigheid) na te streef (Ireson in Stromberg en Harkess, 1978:176-7).

Gedurende die laaste twee dekades was daar egter dramatiese verandering in die gemeenskap se benadering ten opsigte van vroue se beroepstoetrede (Colwill, 1982:7; Stromberg & Harkess, 1978:182). Meisies kan gevolglik met meer beroepe identifiseer.

Die tradisionele geslagsidentiteit is egter so lank aangeleer en versterk, dat dit moeilik is om die weerstand wat daar in verandering is, af te breek.

## 2.3 DIE INVLOED VAN OUERS, DIE PORTUURGROEP, ONDERWYSERS, TELEVISIE EN SKOOLVOORLIGTERS OP MEISIES SE BEROEPSKEUSES

### 2.3.1 Die invloed van ouers op meisies se beroepskeuses

As gevolg van die relatief lang periode van kontak met hulle kinders ( $\pm 16$  jaar), het ouers 'n belangrike invloed op hulle sosialisering (Basow, 1980:124; Williams et al., 1985:721).

Die ouer van die twintigste eeu kom, as begeleier van sy kind, voor onbekende en dikwels ingewikkelde probleme te staan (De Klerk, 1984:296). Hierdie probleme spruit hoofsaaklik voort uit die verandering wat daar in die rolle van vroue, weg van die tradisionele, gekom het (Colwill, 1982:7; Stromberg & Harkess, 1978:182). Dikwels word daar dan teruggeval op die meer bekende, tradisionele opvoeding van kinders (Ehrhardt et al., 1981:293; Van Wyngaard, 1984:29). In 1984, tydens die Nasionale Konvensie van Vroue '84, spreek Dr. Van der Merwe, Direkteur-generaal van Mannekrag, sy kommer uit oor die gebrek aan belangstelling by sommige ouers oor die beroepskeuse wat hulle dogters maak (Van der Merwe, 1984:8).

Alhoewel ouers dikwels voorgee dat hulle hul seuns en dogters eenders opvoed, koester hulle tog verskillende verwagtinge van seuns en meisies (Basow, 1980:126).

Van seuns word verwag om krag, akademiese prestasie en leierskap te openbaar, terwyl van meisies verwag word om interpersoonlike verhouding, gevoelvolheid en hulpvaardigheid te openbaar (Basow, 1980:126; Colwill, 1982:7). Die meeste meisies neig dus om uit 'n beperkte beroepsfeer 'n beroepskeuse te doen, nl. verpleging, onderwys, klerklike en verkoopswerk (Bendeman, 1987:5; Van Rooyen, 1984:18).

Hierdie beperkende invloede word verder versterk deurdat meisies se opleiding dikwels as 'n mors van tyd en geld beskou word. Die verwagting is dat sy in die huwelik tree en 'n huisvrou en moeder gaan word (Basow,

1980:227; Ehrhardt et al. 1981:295; Van Wyngaard, 1984:29). Daar word dus minder geleenthede aan meisies as aan seuns verskaf om hul moontlikhede te ontwikkel en te aktualiseer (Bontius, 1986:315).

Dit is duidelik dat die opvoedingstyl van ouers verband hou met meisies se ontwikkeling van 'n tradisionele geslagsrolidentiteit (Ehrhardt et al., 1981:293). Hulle het dus nie dieselfde geleenthede as seuns om 'n beroepsidentiteit te vorm nie, maar word beperk tot uiterlike skoonheid en moederskap (Windolf in Bontius, 1986:321).

Dit skyn of moeders 'n groter invloed as vaders op die beroepsoriëntasie van meisies het (Ireson in Stromberg & Harkess, 1978:184-5). Indien die moeder 'n huisvrou is, sal haar dogter meer geneig wees tot 'n tradisionele beroepskeuse. 'n Meisie wie se moeder egter 'n loopbaan volg, sal meer geneig wees om self 'n loopbaan te volg (Ehrhardt et al., 1981:292; Rapoport, et al., in Van Wyngaard, 1984:30).

Moeders wat self nie 'n loopbaan gevolg het nie, voel soms dat hulle nie hulle volle potensiaal ontwikkel het nie. Hulle plaas dan druk op hul dogters om vir 'n loopbaan voor te berei (Rapoport et al in Van Wyngaard, 1984:31). Indien sy haarself in 'n tradisionele mansberoep sien, sal sy haar dogter aanmoedig om wyer as die tradisionele beroepe vir meisies te kyk (Williams et al., 1985:728).

Meisies wie se vaders aktief betrokke is by die opvoeding van hul kinders, is meer geneig om met 'n vroulike geslagsrol te identifiseer (Basow, 1980:129). Indien die vader egter 'n positiewe houding het teenoor deelname aan tipies manlike aktiwiteite, sal hulle weg beweeg van 'n tradisionele beroepsoriëntasie (Williams et al., 1985:727).

Met die uitsondering van ingenieurs- en natuurwetenskaplikeberoepes het ouers se beroepe 'n onbeduidende invloed op kinders se beroepskeuse (Beukes, 1985:23).

Ouers, veral die moeder, se kwalifikasies hou egter verband met die beroepskeuses van meisies. Hoe hoër die moeder se opvoedkundige kwalifikasies is, hoe wyer is die beroepshorisonne van meisies (Ehrhardt et al., 1981:292).

### 2.3.2 Die invloed van die portuurgroep op meisies se beroepskeuses

Gedurende die adolessente periode (13-18 jaar) oefen die portuurgroep 'n belangrike invloed op die vorming van meisies se geslagsrolidentiteit uit. Op hierdie stadium word die geslagsrolidentiteit meer gedetailleerd en spesifiek (Fagot et al., 1985:686). Die portuurgroep bied ook aan meisies die geleentheid om met die groter gemeenskap te identifiseer (Oosthuizen et al., 1981:170).

Druk van die portuurgroep (en verkoopswêreld) laat by meisies die gevoel ontstaan dat populariteit, aansien en aantreklikheid belangriker is as akademiese prestasie en beroepsaspirasies (Basow, 1980:133; Bernard, 1981:137; Ireson in Stormberg et al., 1978:187).

'n Meisie ondervind dus probleme om 'n beroepsidentiteit te ontwikkel. In die plek daarvan rig sy haar identiteitsvorming tot uiterlike skoonheid, gewildheid en 'n vroeë huwelik (Bontius, 1986:321). Dit verklaar moontlik waarom volwasse vroue dikwels hul teleurstelling uitspreek omdat hulle nie hul beroepspotensiaal ontwikkel en uitgeleef het nie (Gershenfeld, 1987:14; Post-Kammer & Perronne, 1983:203).

Seunsvriende het die grootste invloed op die akademiese prestasies en beroepsaspirasies van meisies. Die rede hiervoor is dat meisies onder die indruk verkeer dat die prys vir onkonvensionele prestasie die huwelikskanse belemmer. Dit het dus 'n verlaging van hulle beroepsaspirasies tot gevolg (Bontius, 1986:321-2; Campbell, 1986:517).

Meisies heg baie waarde aan lede van hul eie geslag en boots hulle dikwels na (Fagot & Leinbach, 1985:686). Die invloed van vriendinne is dan ook belangrik omdat hulle aan mekaar interpreteer wat seuns van meisies verwag (Fagot & Leinbach, 1985:686).

Dit skyn of die beroepsgeoriënteerde meisie en die tradisioneel georiënteerde meisie nie verskil ten opsigte van hul kontak en invloed met die portuurgroep nie. Dit wil egter voorkom of die ouer beroepsgeoriënteerde meisie meer kontak met seuns het, waarskynlik

omdat sy meer met hulle beroepsgerigtheid identifiseer (Ehrhardt et al., 1981:295).

### 2.3.3 Die invloed van onderwysers op meisies se beroepsoriëntasie

Alhoewel vakonderwysers 'n sterk invloed op die akademiese prestasies van leerling het, is hulle invloed op die beroepsoriëntasie van meisies nie so groot nie (Beukes, 1985:25).

Die meeste onderwysers meen dat hulle benadering tot seuns en meisies dieselfde is. Dit mag egter gebeur dat hulle seuns en meisies, onbewus, verskillend benader (Campbell, 1986:519). Basow (1980:132) wys daarop dat onderwysers geneig is om positiewe terugvoering aan seuns te gee vir akademiese prestasie en negatiewe terugvoering vir swak gedrag. Meisies kry egter positiewe terugvoering vir nie-akademiese prestasie soos netjiese werk en diens.

Meisies, met die uitsondering van toppresteerders, kry ook minder aandag van hulle onderwysers as seuns (Van Eck & Veeke, 1986:296).

Die onderwyser se benadering kan ernstige gevolge vir meisies se beroepsoriëntasie inhou (Van der Werf, 1986:311). Sy mag byvoorbeeld 'n gedragspatroon aanleer wat nie-akademiese prestasie hoog aanslaan (Basow, 1980:132). Dit sal noodwendig 'n negatiewe invloed op haar beroepsoriëntasie uitoefen.

### 2.3.4 Die invloed van televisie op meisies se beroepsoriëntasie

Volgens Beukes (1987:27) het televisie die potensiaal om kinders se beroepskeuse te beïnvloed. De Beer (1980:91) skryf dit toe aan die invloed van televisie op televisiekykers se belangstellingspatrone.

Navorsing in die RSA toon dat belangstelling in die velde "Welsynwerk", "Prakties-Vroulik" (in die 19-Veld Belangstellingsvraelys) en vroue-modes, as gevolg van televisie toegeneem het (De Beer, 1980:82-84). Dit kan waarskynlik aan die feit toegeskryf word dat kinderprogramme en advertensies die geslagsrolle op 'n stereotiepe wyse voorstel (Ireson in Stormberg & Harkess 1978:188).

Sedert 1950 het die arbeidspatroon wat op televisie voorgestel word geen verband met die werklike indiensnemingspatroon van vroue getoon nie. Boonop word vroue dikwels in 'n negatiewe lig voorgestel as prostitute of dwelmverslaafdes (Basow, 1980:146).

Mans vervul meer as 70% van die hoofrolle in televisieprogramme. Hierdie persentasie het vir 25 jaar relatief konstant gebly. Die mans kon polisie, prokureurs, dokters, sielkundiges ensovoorts wees. Die werkende vroulike hoofkarakter is gewoonlik verpleegsters, sekretaresse of onderwyseresse.

In baie TV-programme kom die eer die vroulike hoofkarakter toe, alhoewel die manlike hoofkarakter met die louere wegstap. Die vroulike hoofkarakter word onbeholpe voorgestel, so asof sy eintlik by haar huis hoort. Die implikasie is dat die vrou-en-moederrol minderwaardig is.

Jong kinders kan nie maklik tussen fantasie en werklikheid onderskei nie. Televisie kan dus 'n onrealistiese beroepsverwagting by meisies skep (Basow, 1980:147).

### **2.3.5 Die invloed van skoolvoorligters op meisies se beroepsoriëntasie**

Binne die beleid van 'n gedifferensieerde onderwysstelsel het die skoolvoorligter die taak om elke leerling so te begelei dat hy optimaal by die gevarieerde leerervaringe baat kan vind - op weg na een van talle hoogs gedifferensieerde beroeps- en opleidingsalternatiewe. Elke leerling moet dus op 'n moontlike reeks beroepe, of betrekkings, wat hy in sy lewe moet vervul, voorberei word (Garbers, 1979; Gothard, 1987:14-15).

Volgens die verslag van die Hoofkomitee van die RGN-Ondersoek na die Onderwys (1981:47) blyk dit dat skoolvoorligters weinig invloed op die studie- en beroepskeuse van leerlinge uitoefen.

Skoolvoorligters kan egter onbewus 'n invloed op meisies se beroepsoriëntasie hê. Indien die skoolvoorligter tradisioneel georiënteerd is, sal daar 'n onderskeid tussen "manlike" en "vroulike" beroepe gemaak word (Bontius, 1986:323). Meisies word dus beïnvloed om 'n meer tradisionele beroepsoriëntasie te vestig (Basow, 1980:155; Osipow, 1983:269).

Die grootste persentasie van alle getroude, werkende vroue word in klerklike en verwante beroepe gevind (Smit, 1978:44). 'n Ondersoek oor die beroepe van getroude vroue toon dat meer as die helfte 'n ander beroep beoefen as voor hul huwelik (Wessels, in Smit, 1978:44).

Dit skyn dus of meisies nie daarvan bewus was dat baie van die sogenaamde mansberoepe vir hulle toeganklik was nie (Smit, 1978:44-45).

Dit is duidelik dat 'n skoolvoorligter, wat nie resente inligting oor beroepsneigings en -rigtings het nie, die tradisionele beroepe aan meisies sal voorhou. Meisies mag dus op 'n beroep besluit wat nie in ooreenstemming met hulle potensiaal is nie (Goetsch & Gullede, 1981:13; Walz, 1987:19).

## 2.4 DIE INVLOED VAN PERSOONLIKE FAKTORE OP MEISIES SE BEROEPSKEUSES

### 2.4.1 Belangstelling

Belangstelling kan gesien word as een van die rigtinggewende aspekte van persoonlikheid en vorm 'n integrale deel van die totale persoonlikheid van die mens (Alberts, 1974:59; Van der Westhuizen, 1979:138).

Belangstelling in 'n beroep word deur seuns en meisies as die belangrikste faktor by beroepskeuse beskou. Die verskil lê egter in die klem wat deur die verskillende geslagte op die belangstellingsaspek geplaas word. Meisies is geneig om diensoorweginge en welsyn hoog aan te slaan, terwyl seuns 'n goeie inkomste en vooruitsigte vir bevordering belangriker ag (Beukes, 1985:20).

Uit die praktyk is dit duidelik dat 'n persoon se waardesisteem en behoeftes in sy belangstellingspatrone 'n rol speel (De Jong, 1985:41; Van der Westhuizen, 1979:138-140).

Belangstelling gee egter nie 'n aanduiding van 'n persoon se vermoëns of aanleg nie. Indien 'n meisie se belangstelling dus deur haar waardes en behoeftes bepaal word, kan dit aanleiding gee tot 'n onrealistiese beroepsverwagting (Van der Westhuizen, 1979:138).

In 'n latere paragraaf sal daar kortliks na meisies se waardes en behoeftes gekyk word.

#### 2.4.2 Aanleg

Aanleg, in teenstelling met intelligensie wat algemene verstandelike vermoëns van 'n individu behels, word gesien as die spesifieke verstandelike vermoë van die individu (Fouche & Verwey, 1982:2; Roos, 1984:51). Dit kan beskou word as die potensiaal waaroor 'n persoon beskik om 'n bepaalde vlak van vermoë te kan bereik. Aanlegte tesame met ander persoonlikheidseienskappe soos belangstelling, houding en motivering asook opleiding en onderrig bepaal die peil van vaardigheid en bekwaamheid wat bereik sal kan word (Fouche & Verwey, 1982:2; Van der Westhuizen, 1979:86).

Volgens Mentz (Landman et al., 1979:153) bestaan daar geen twyfel oor meisies se verbale superioriteit teenoor dié van seuns nie. Meisies is superieur wat grammatikale konstruksie-, lees-, spel- en algemene verbale vermoë betref. Seuns haal die agterstand later in, maar wis dit nooit ten volle uit nie (Landman et al., 1979:153; Roos, 1984:58).

Vroue skyn beter te vaar in soverre dit die snelle waarneming van detail en vinnige wisseling van aandag betref. Daarom vaar hulle ook beduidend beter in feitlik alle toetse van klerklike vermoëns omdat perseptuele spoed en aandag aan detail daar so belangrik is (Landman et al., 1979:154). Visueel-ruimtelike persepsie, wat by seuns beter ontwikkel, word gekoppel aan prestasie in natuurwetenskaplike vakke en Wiskunde.

Dit wil dus voorkom of meisies se opleiding meer gerig is op die ontwikkeling van aanlegte (potensiaal) wat op die klerklike of sekretariële beroepe gerig is (vergelyk par. 4.2.2).

#### 2.4.3 Studierigting en skoolopleiding

Verskil in die onderwys van seuns en meisies word soms as 'n agterstand vir die meisie gesien omdat dit verskillende waardes op die arbeidsmark het. Uit beskikbare gegewens blyk dit dat meisies meestal huishoudelike, versorgende en administratiewe rigtings volg. Oor die algemeen dus vormende vakke, terwyl seuns meer die eksakte vakke in hul vakpakette insluit (Grotenhuis & Volman, 1986:328).

Meisies is geneig om nie Wiskunde as vak te kies nie. Een van die redes is waarskynlik omdat Wiskunde as 'n seunsvak gesien word (Van Eck & Veeken, 1986:297; Monteith, 1987:185-199). Aangesien Wiskunde toenemend as toelatingsvak tot 'n verskeidenheid beroepe en studierigtings dien, word meisies se beroepskeuse beperk (Campbell, 1986:516; Grotenhuis & Volman, 1986:328; Van Eck & Veeken, 1986:299).

Beukes wys dan ook daarop dat St. 10-leerlinge, indien hulle oor 'n IK-telling van 110+ beskik en Wiskunde en/of Natuur- en Skeikunde en/of Biologie neem, 'n besliste voorkeur vir universiteitsopleiding bo 'n ander inrigting het.

Meisies word direk en indirek deur die skool beïnvloed deurdat die skool die manlike en vroulike prestasiedifferensiasie versterk en meisies lei tot die kies van vroulike beroepe, soos die kunste, sosiale wetenskappe en handelsvakke (Ireson in Stormberg & Harkess 1978:186). Uit die Projek Talentopname van die RGN blyk dit dat seuns hul geleerdheid primêr met

vooruitgang in die lewe assosieer, terwyl meisies die vormende waarde daarvan belangriker ag (Coetzee in Beukes, 1985:19).

Die meeste beroepe is egter vir vroue toeganklik mits daar vakatures bestaan en applikante oor toepaslike kwalifikasies of opleiding beskik. Vroue het egter meestal nie die nodige opleiding, vaardigheid en ervaring nie (Goetsch & Gullledge, 1981:14; Sanders, 1976:5; Smit, 1978:44-45).

Alhoewel dit vandag makliker vir meisies in Nederland is om die sogenaamde mansvakke te kies, doen weinig dit wel. Sou hulle dit wel doen, ondervind hulle baie probleme as gevolg van die tradisionele geslagsrolsiening (Grotenhuis & Volman, 1986:332).

#### 2.4.4 Die invloed van behoeftes op beroepskeuses

Seuns en meisies kies 'n beroep om dieselfde redes. Drie redes kom sterk na vore, naamlik: finansiële sekuriteit; persoonlike werkstevredenheid en om 'n gevoel te hê dat hulle 'n bydrae tot die vooruitgang van die samelewing maak (Goetsch & Gullledge, 1981:12). Hierdie drie redes kan verbind word aan 'n persoon se behoeftes.

Daar is 'n nou verband tussen behoeftes en belangstelling. Behoeftes wat verander sal die belangstelling ook laat verander. Belangstelling kan egter 'n aanduiding wees van die individu se behoeftes (Van der Westhuizen, 1979:142).

Baie adolessente met probleme in interpersoonlike verhoudings, of wat in 'n identiteitskrisis verkeer, se behoefte kan in 'n onrealistiese belangstelling figureer (Van der Westhuizen, 1979:145). Dit is daarom belangrik om vas te stel of die meisie se beroepskeuse werklik beroepsgerig is, en of haar emosionele behoeftes 'n oormatige rol by haar keuse speel (Van der Westhuizen, 1979:145).

#### 2.4.5 Beroepswaardes en meisies se beroepskeuses

Orcutt & Walsh (in De Jong, 1985:36) het in hulle navorsing die klem laat val op die verskil in beroepswaardes van tradisioneelgeoriënteerde meisies teenoor beroepsgeoriënteerde meisies.

Tradisioneelgeoriënteerde meisies het minder selfvertroue, en het 'n negatiewe selfbeeld. Hulle twyfel of hulle oor die motivering en vermoë beskik om in beroepe, wat oorheers word deur mans, mee te ding. Hierdie meisies is bevrees dat hulle hul vroulikheid in sulke "manlike" beroepe sal inboet.

Beroepsgeoriënteerde meisies sien hulleself as bekwaam en effektief. Hulle is meer onafhanklik en is nie bang dat hulle hul vroulikheid sal inboet nie.

Die beroepsgeoriënteerde meisies se beroepswaardes verskil dus van die tradisioneelgeoriënteerde meisies, maar stem ooreen met dié van seuns (De Jong, 1985:36-7).

#### 2.4.6 Selfbeeld

Die begrip "selfbeeld" verwys na die evaluering en siening van die self volgens eie subjektiewe norme (Bontius, 1986:321; Jacobs & Vrey, 1982:21). Dit weerspieël die graad van tevredenheid met die self, en bly relatief konstant oor 'n hele aantal jare (Cooper, 1984:230; Robison-Awan et al., 1986:179).

Meisies is geneig om 'n lae selfbeeld te openbaar wanneer dit kom by beroepe wat tradisioneel deur mans beoefen is. Hulle het egter meer selfvertroue om aan die akademiese en beroepsvereistes van tradisionele "vroueberoepe" te voldoen (Post-Kammer & Smith, 1985:551-6).

#### 2.4.7 Vrees vir sukses

Vrees vir sukses kan gedefinieer word as die vermyding van sukses om die negatiewe gevolge daarvan vry te spring (Basow, 1980:182). Dit ontwikkel saam met die geslagsrol (Horner in Van Wyngaard, 1984:35).

Horner (Basow, 1980:177; Van Wyngaard, 1984:35) het ondersoek ingestel na die motief om sukses te vermy. Die proefpersone moes hul reaksie op die volgende stelling aandui: "After first term finals, Anne (John) finds herself (himself) at the top of her (his) school class." Op die "Anne"-stimulus het 65% van die dames met 'n duidelike afkeer van sukses gereageer. Minder as 10% van die mans se response op die "John"-stimulus het op vrees vir sukses gedui.

Die dames se vrees vir sukses word weerspieël in response soos; "Anne is ugly, studies all the time, and will never get married." Dames assosieer dus sukses met 'n verlies van vroulikheid. Dit maak hulle bang dat die gemeenskap hulle sal verwerp, en vermy gevolglik sukses (Basow, 1980:177; Betz & Hackett, 1981:409; Van Wyngaard, 1984:35).

Navorsing toon dat daar 'n algemene verwagting bestaan dat meisies swakker as seuns in Wiskunde sal vaar. Daar ontwikkel dus 'n negatiewe gevoel teenoor meisies wat wel sukses in Wiskunde behaal. Dit is dan die voorloper vir 'n afname in meisies se Wiskundeprestasies, veral as hulle Wiskunde as 'n "manlike" aktiwiteit sien (Campbell, 1986:518; Monteith, 1987:185-195).

Vrees vir sukses het 'n inhiberende uitwerking op meisies om te presteer, veral as hulle sosiale druk van ouers en mansvriende ondervind om "vroulike" gedrag te openbaar (Lucas, 1984:275; Van Rooyen, 1984:18). Meisies word dus slagoffers van hul aangeleerde rol van hulpeloosheid wat met die vroulike geslagsrol geassosieer word (Robison-Awan et al., 1986:182; Van Wyngaard, 1984:35).

## 2.5 ANDER FAKTORE WAT 'N INVLOED OP MEISIES SE BEROEPSKEUSE KAN HÊ

Daar is baie ander faktore wat afsonderlik en gesamentlik 'n rigtinggewende effek op die beroepsvoorkeure en -verwagtinge van meisies het. Voorbeelde is: die wysiging in arbeidswetgewing, struktuurverandering in die samestelling van die arbeidsmark, geografiese en klimaatsfaktore, verstedeliking, en so meer. Daar is egter baie min bekend oor die werklike impak daarvan op die loopbaankeuse van meisies (Beukes, 1985:12).

In hierdie afdeling sal daar na enkele ander faktore gekyk word wat moontlik die beroepskeuse van meisies kan beïnvloed.

### 2.5.1 Mannekragtekorte en opleiding

Mannekragtekorte word dikwels gesien as een van die belangrikste faktore wat belemmerend is vir ekonomiese groei in Suid-Afrika. Dit geld veral op die gebied van hoëvlakmannekrag (Barker, 1984:1).

Hoëvlakmannekrag word gesien as daardie persone wat minstens twee of drie jaar opleiding na matriek het (Bendeman, 1987:5).

Vir die doel van hierdie studie sal volstaan word met die veronderstelling dat daar mannekragtekorte bestaan vir alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika ten opsigte van opgeleide werkers (Barker, 1984:22; Verhage, 1984:2-12).

Die beroepskeuse van meisies hang nou saam met hulle opleiding. As die skoolverlatende meisie tegnologiese vooruitgang in gedagte hou, behoort sy meer te konsentreer op die aanleer van nuwe vaardighede vir beroepe waarin daar 'n tekort aan hoëvlakmannekrag is, soos die tegniese en professionele beroepe. Goed gekwalifiseerde vroue, wat vir 'n tydperk uit die arbeidsmag was as gevolg van kinders, kan weer terugkeer na die beroepswêreld. Spesiale opleidingskursusse kan help om hulle vaardighede op te knap, en hulle die vertroue gee om weer te gaan werk

(Bendeman, 1987:6; Goetsch & Gullledge, 1981:14; Grotenhuis & Volman, 1986:334-335).

### 2.5.2 Ekonomiese en politieke invloede

Ekonomiese en politieke toestande gaan in die volgende 20 jaar baie verander in die RSA. Hierdie verandering sal grootliks toegeskryf kan word aan die bevolkingsontploffing onder die swartes en die afname in geboortes onder die wittes (Marais, 1987:6).

Wetgewing om werk te reserveer vir 'n bepaalde bevolkingsgroep word gewysig (Televisie-nuus, 17 Junie 1987). By implikasie beteken dit dat enige persoon, wat oor die nodige kwalifikasies beskik, om 'n betrekking aansoek kan doen.

Die verswakte en fluktuierende Rand teenoor die Dollar beïnvloed die beskikbaarheid van beroepe, en veroorsaak ook 'n gees van pessimisme (Marais, 1987:11; Van der Merwe, 1983:8). Hierdie gevoelens kan 'n negatiewe uitwerking op meisies se beroepsvoorbereiding hê.

### 2.5.3 Verhoging van die onderwyspeil

Terblanche (in Beukes, 1985:9) dui in "The Manpower Scene 1983" aan dat die verhoging van die algemene onderwyspeil van die swart bevolking 'n besliste effek op hulle beroepsaspirasies sal uitoefen. Blanke meisies sal dus groter kompetisie in sekere beroepe, byvoorbeeld klerklike- en verkoopsberoepe, kan verwag.

Die verhoging van die algemene onderwyspeil van alle bevolkingsgroepe het verder 'n verbreding van die opleibare mannekrag tot gevolg. Dit gee weer aanleiding tot die daarstelling van fasiliteite en geleenthede vir verdere opleiding. RGN-studies het getoon dat dit op enige vlak betalend is om verdere opleiding te ontvang (Beukes, 1985:9). Hierdie tendens is dan ook duidelik waarneembaar in die toenemende inskrywing by instansies wat na-uurse onderrig verskaf.

Dit is duidelik dat daar 'n groot verantwoordelikheid op meisies rus om hulle deur studie voor te berei vir beroepstoetrede.

#### 2.5.4 Beroepskennis

Beroepskennis het 'n invloed op beroepsbelangstellings. Sonder 'n deeglike kennis oor die aard, vereistes en vooruitsigte van 'n wye verskeidenheid beroepe is die keuse van 'n geskikte beroep haas onmoontlik, en lei dit dikwels tot onnodige twyfel.

Kennis van geslagsdiskriminasie in beroepe mag egter 'n negatiewe invloed op meisies se beroepsaspirasies hê. Kennis oor beroepsopsies kan egter 'n positiewe invloed op meisies se beroepsverwagings hê.

Beroepsdifferensiasie op grond van geslag is egter besig om te verdwyn. Vroue beoefen byvoorbeeld reeds beroepe soos werktuigkundige, argitek, stadsbeplanner, bourekenaar, landmeter, mynompeter en vele meer (Mannekragopname, 1985:7-8).

Meisies kan dus wyer as die tradisionele "vroueberoepe" kies, en behoort daarvan kennis te dra.

#### 2.6 SAMEVATTING

Samevattend kan die gevolgtrekking gemaak word dat baie faktore (ouers, vriende, onderwysers, portuurgroep, ekonomiese toestande, ensovoorts) afsonderlik en/of gesamentlik, 'n invloed op meisies se beroepsoriëntasie en -keuses het.

Die hele proses van beroepsoriëntasie van meisies word egter nie volledig gedurende adolessensie gevestig nie. Dit is 'n proses wat deur hul hele lewe voortgaan (Bontius, 1986:321).

Meisies kom realistieser as seuns voor wat hul potensiaal, belangstellings en beroepskeuses betref (Beukes, 1985:22). Dit blyk egter dat meisies voor 'n besondere probleem te staan kan kom wanneer hulle 'n

beroepskeuse moet maak. Hierdie probleem is die huwelik. Moet sy vir 'n loopbaan voorberei deur te studeer, of eerder gaan werk? Moet sy liever vir 'n ander kursus inskryf wat 'n korter studieperiode het?

Dit is duidelik dat sulke vrae aanleiding kan gee tot beroepskeuseonsekerheid.

In Hoofstuk 3 word die beroepsverwagtinge van Afrikaanssprekende meisies empiries ondersoek. Aspekte wat hier bespreek word is: die doel en metode van ondersoek; die populasie en die meetinstrumente.

## HOOFSTUK 3

### DIE METODE VAN ONDERSOEK

#### 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die metode van ondersoek teoreties begrond. Die Senior Aanlegtoets en die vraelysmetode word as die mees toepaslike tegnieke in die uitvoering van hierdie ondersoek gemotiveer. Die empiriese ondersoek word ook bespreek. Ander sake waaraan aandag gegee word is die keuse van proefpersone en die samestelling van die vraelys.

#### 3.2 DIE DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die primêre doel van hierdie ondersoek is om te bepaal wat 'n groep Afrikaanssprekende standerd tien-meisies se beroepsverwagtinge, beroepskeuses, aanlegte en studierigtings is, en of die beroepskeuses met die aanlegte en/of studierigting ooreenstem.

#### 3.3 DIE KEUSE VAN DIE MEETINSTRUMENTE

In paragraaf 3.2 is die doel van die empiriese ondersoek geformuleer.

Die mees bruikbare meetinstrumente, wat sou beantwoord aan die geldigheids- en betroubaarheidsvereistes waarmee die verlangde inligting bekom kon word, moes vir dié doel geïmplementeer word. Oorweging is

gevolglik geskenk aan die Senior Aanlegtoets (SAT) en 'n vraelys wat deur standerd tien-meisies in 'n metropolitaanse gebied<sup>1</sup> ingevul moes word.

### 3.3.1 Die Senior Aanlegtoets

Die Senior Aanlegtoets (SAT) is opgestel vir die meting van 'n aantal aanlegte van leerlinge in st. 8, 9 en 10, en van volwassenes (Van der Westhuizen, 1979:86).

Die SAT bestaan uit twaalf toetse. Die onderstaande tien toetse sal in hierdie ondersoek gebruik word (Roos, 1984:16-17).

Toets 1: VERBALE BEGRIP: Meet 'n persoon se verbale vermoë.

Toets 2: BEREKENINGE: meet die numeriese faktor R.

Toets 3: WOORDBOU: Hierdie toets meet die woordvloetheidsfaktor asook 'n moontlike woordboufaktor Wb.

Toets 4: VERGELYKINGS; Hierdie toets meet die vermoë om klein verskille in druk- en skryfwerk waar te neem.

Toets 5: PATROONVOLTOOIING: Hierdie toets meet die redeneringsfaktor R.

Toets 6: FIGUURREEKSE: Hierdie toets gee ook 'n meting van die redeneringsfaktor R.

<sup>1</sup> 'n Metropolitaanse gebied word omskryf as 'n stedelike kompleks wat bestaan uit aangrensende of nabygeleë gebiede wat stedelik van aard is en wat ekonomies en maatskaplik aanmekeer gekoppel is (Departement van Statistiek, 1970:1-2).

**Toets 7:** RUIMTELIK 2-D: Hierdie toets meet die ruimtelike faktor S, waar tweedimensionele visualisering 'n rol speel.

**Toets 8:** RUIMTELIK 3-D: Hierdie toets meet die ruimtelike faktor S, waar driedimensionele visualisering 'n rol speel.

**Toets 9:** GEHEUE (paragraaf): Toets 9 is gemik op die meting van langtermyngeheue en meet die geheuefaktor M.

**Toets 10:** GEHEUE (simbole): Hierdie toets is gerig op die meting van korttermyngeheue en meet die geheuefaktor M.

### 3.3.1.1 Die voor- en nadele van die Senior Aanlegtoets as navorsingsmetode

#### VOORDELE:

- \* Dit is 'n gestandaardiseerde, geldige en betroubare meetinstrument (Fouche & Verwey, 1982:28).
- \* Dit kan betekenisvol tussen agt breë studierigtings onderskei (Roos, 1984:172) (sien ook 3.2 en 3.3.1.2).
- \* Dit kan in groepsverband toegepas word.

#### NADELE

- \* Dit is tydrowend om 'n volledige battery af te neem (Crowley, 1987:25).
- \* Aspekte soos belangstelling word nie in ag geneem nie (Fouche & Verwey, 1982:52; Van der Westhuizen, 1979:90).

- \* Die prestasieprofile wat Roos (1984:222-229) daargestel het dui nie beroeps- of werksukses aan nie maar slegs studiesukses (Roos, 1984:9).
- \* Aanlegtoetse gaan mank aan voorligtingsrasionale en dit beskik oor geringe voorspellingswaarde (Crowley, 1987:25).
- \* Die prestasieprofile verskaf nie inligting ten opsigte van 'n spesifieke beroepsgroep nie, maar breë studierigtinggroepe waarvan die beroepsbeoefening in die praktyk moontlik uiteenlopend kan wees (Roos, 1984:9).

### 3.3.1.2 Beroepsprofile geïdentifiseer met behulp van die Senior Aanlegtoets

Toetsgegevens, wat op skoolvlak verkry is deur Projek Talentopname van die RGN, is in verband gebring met universitêre studiesukses. Dit het die daarstelling van aanlegprofile vir agt breë studierigtings moontlik gemaak. Afsonderlike aanlegprofile word vir seuns en meisies verskaf (Roos, 1984:163).

Van die twaalf toetse waaruit die SAT bestaan, is tien gebruik om die profile saam te stel. Toetse 11 (Koördinasie) en 12 (skryfspoed) is nie gebruik nie aangesien dit min bruikbaarheid het vir die voorspelling van akademiese sukses en dit in hoofsaak hand-oogkoördinasie meet (Roos, 1984:61).

Die agt breë universiteitstudierigtings waarvoor aanlegprofile verskaf word, is die volgende:

- \* TOEGEPASTE NATUURWETENSKAPPE (TGW).
- \* SUIWER NATUURWETENSKAPPE (SNW).
- \* TOEGEPASTE GEESTESWETENSKAPPE (TGW).

- \* SUIWER GEESTESWETENSKAPPE (SGW).
- \* INGENIEURSWESE (ING).
- \* MEDIES, TANDHEELKUNDE EN VEEARTSENYKUNDE (MTV).
- \* HANDEL & ADMINISTRASIE (HA).
- \* REGTE (R).

(Sien bylae A.)

Hierdie aanlegprofile verskaf 'n basis om die proefpersone se aanlegte mee te vergelyk. In die lig van voorgenoemde is besluit om die Senior Aanlegtoets, saam met die vraelys, as meetinstrumente te gebruik.

### 3.3.2 Die vraelys as empiriese navorsingsmetode

#### 3.3.2.1 Inleiding

Vraelyste is een van die metodes wat die meeste deur navorsers gebruik word om inligting te bekom. Deur die vraelys is dit moontlik om vas te stel:

- \* wat 'n persoon weet (kennis of informasie);
- \* waarvan 'n persoon hou of nie van hou nie (waardes en voorkeure);
- \* wat 'n persoon dink (houding en gelowe);
- \* wat 'n persoon beleef het (biografiese gegewens) (Tuckman, 1978:196-7).

Die ontwerp van die vraelys word vervolgens kortliks bespreek.

### 3.3.2.2 Die ontwerp van die vraelys as empiriese navorsingsmetode

#### (i) Konstruksie van die vraelys

Die konstruksie van 'n vraelys bepaal grootliks die sukses, geldigheid en betroubaarheid van 'n vraelysondersoek (Mouly, 1978:190; Tuckman, 1978:197). Alvorens 'n vraelys opgestel word, moet die doel van die ondersoek duidelik geformuleer wees. Die vraelysitems kan dan makliker daarmee in verband gebring word.

Aspekte wat by die opstel van 'n vraelys oorweging verdien is byvoorbeeld die steekproefgrootte, die lengte, die inhoud, die vorm en die nut van elke item. Vraelyste behoort ook foutloos te wees.

Die keuse van die tipe items, en response, word bepaal deur die doel van die navorsing (Tuckman, 1978:212; Turney et al., 1971:130). Twee tipes items wat algemeen vir die konstruksie van vraelyste gebruik word, is die gestruktureerde (geslote) items en ongestruktureerde (ope) items. Die ondersoeker moet vertrouwd wees met die twee soorte items voordat met die konstruksie van die vraelys begin word (Cohen, 1980:64).

#### A. GESTRUKTUREERDE (GESLOTE) ITEMS

Gestruktureerde (ope) items "verplig" die respondent om sy antwoord te kies uit die response wat die ondersoeker aan hom voorhou (Evans, 1969:65; Tuckman, 1978:200). Die moontlikheid bestaan dat die response wat voorgedien word nie voorsiening maak vir die respondent se keuse nie. In so 'n geval is dit wenslik om 'n item "ander", "weet nie", "kan nie besluit nie" in te sluit (Cohen, 1980:246).

## Voorbeeld 1

Is u van plan om na matriek verder te studeer?

Ja            1

Nee          2

Weet nie    3

Gestruktureerde (ope) items het die volgende belangrike voordele.

- \* Dit bied groter eenvormigheid en daarom ook groter betroubaarheid.  
(Cohen, 1980:246; Turney, et al., 1971:131.)
- \* Dit vergemaklik tabulering en is geskik vir kodering en rekenarisering  
(Hopkins, 1976:145).

Die nadele van die gestruktureerde (ope) items is onder meer die volgende:

- \* die kunsmatigheid van die responsmoontlikhede;
- \* dat sommige items die respondent kan irriteer;
- \* dat die keuses nie voorsiening maak vir al die respondente se menings  
nie (Cohen, 1980:240; Turney, et al., 1971:130);
- \* dit bied nie duidelik omskrewe antwoorde nie (Youngman, 1978:6).

## B. ONGESTRUKTUREERDE (OPE) ITEMS

Ongestruktureerde (ope) items bied aan die respondent geleentheid om spontaan in sy eie woorde te antwoord (Cohen, 1980:247; Tuckman, 1978:200). Die ondersoeker het dus nie 'n rigtinggewende invloed op die respons nie.

## Voorbeeld 2

Hoe kan standerd tien-meisies gehelp word om 'n beroepskeuse te maak?

(Geen moontlike antwoorde word gegee nie).

Belangrike voordele van ongestruktureerde (ope) items is:

- \* dit plaas die respondent op sy gemak (Youngman, 1978:6);
- \* die respondent gee sy eie mening, hy voel nie dat hy met die ondersoeker moet saamstem nie (Tuckman, 1978:201);
- \* dit is plooibaar;
- \* dit bevorder kommunikasie;
- \* dit gee 'n aanduiding van die proefpersoon se insig en kennis;
- \* dit gee aan die ondersoeker die geleentheid om 'n meningpeiling te maak (Cohen, 1980:247).

Die nadele van ongestruktureerde (ope) items is:

- \* dit bemoeilik tabulering en kodering;
- \* dit neem baie tyd in beslag;
- \* die betroubaarheid van die interpretasie van die response deur die ondersoeker kan nie gekontroleer word nie (Tuckman, 1978:244).

## (ii) KRITERIA VIR DIE ONTWERP VAN ITEMS

Daar is verskeie kriteria vir die ontwerp van vraelysitems. Die volgende word voorgehou:

- \* Elke item moet kort en relevant met betrekking tot die ondersoek wees (Mouly, 1978:193; Youngman, 1978:15).
- \* Items moet duidelik geformuleer wees en slegs oor een aspek handel.
- \* Keuses moet eenvoudig wees en maklik gemaak kan word (Youngman, 1978:12).
- \* Items wat aanstoot gee moet vermy word.
- \* Items moet nie dubbelsinnig wees nie.
- \* Items moet in 'n logiese volgorde wees.
- \* Die items moet so ontwerp word dat die data getabuleer kan word, waar moontlik.
- \* Hoogdrawende taal en tegniese terme moet vermy word.
- \* 'n Kombinasie van oop- en geslote vrae is wenslik.
- \* Uitlokvrae moet vermy word.

## (iii) TEGNIESE VERSORGING

Die tegniese versorging van die vraelys moet getuig van professionaliteit. Die volgende kan bydra tot die vraelys se voorkoms:

- dubbelspasiëring dra by tot die beter lees van 'n vraag;

- konsekwentheid ten opsigte van responsruimtes;
- die tikwerk en lettertype is belangrik;
- daar moet duidelik onderskei kan word tussen items en instruksies;
- aan die regterkant van die bladsy moet ongeveer 30 mm gelaat word vir rekenaarkodering;
- gee voorbeelde by vroeë wat verwarring kan veroorsaak;
- instruksies oor hoe om die vroeë te beantwoord moet duidelik wees;
- bedank die proefpersone vir hul samewerking;
- gee die doel van die ondersoek.

### 3.3.2.3 Die voor- en nadele van die vraelys as navorsingsmetode

#### VOORDELE

- i Die resultate wat met die vraelys bekom word is betroubaarder as die wat deur 'n persoonlike onderhoud verkry word (Cohen, 1980:242; Tuckman, 1987:211).
- ii Respondente kan anoniem, sonder vooroordele reël.
- iii Invloed wat die onderhoudvoerder mag hê, word uitgeskakel.
- iv Dit is ekonomies ten opsigte van tyd en finansies (Ary et al., 1971:120; Gay, 1976:128).
- v Baie respondente kan bereik word (Turney et al., 1971:130).

- vi Tabulering van response vergemaklik die analise daarvan (Ary et al., 1971:170).

#### NADELE

- i. Vrae wat nie duidelik geformuleer is nie kan deur respondente verskillend geïnterpreteer word.
- ii. Sensitiewe inligting kan moeilik met 'n vraelys vasgestel word (Tuckman, 1978:211).
- iii. Respondente mag die items oorhaastig en onvolledig beantwoord.
- iv. Respondente word by gestruktureerde vrae beperk ten opsigte van hul responsies (Ary et al., 1971:170).
- v. Onvolledige voltooiing van die vraelys kan vir die ondersoeker probleme veroorsaak.
- vi. Respondente kan nie oor sekere response ondervra word nie.

### 3.4 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

#### 3.4.1 Keuse van die proefpersone

Die doel van hierdie ondersoek is om empiries die beroepsverwagtinge en -keuse van Afrikaanssprekende standaard tien-meisies vas te stel.

Die ideaal sou wees om die hele universum (al die Afrikaanssprekende standaard tien-meisies in Transvaal) by die ondersoek te betrek. Dit sou egter praktiese en ekonomiese probleme meebring. Die probleem is met die studieleier en die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO bespreek. Daar is besluit om al die Afrikaanssprekende standaard tien-

meisies, van vier Afrikaansmediumhoërskole in 'n bepaalde metropolitaanse gebied te betrek.

#### 3.4.1.1 Metode van steekproefneming

Die skole en proefpersone is doelbewus geselekteer. Dit is dus 'n gerieflikheidsteekproef (Alberts, 1974:154), en die gegewens kan nie veralgemeen word vir die universum nie. Tendense kan wel daaruit afgelei word vir 'n groter groep meisies, maar nie op statistiese gronde nie (Steyn, 1987).

#### 3.4.1.2 Steekproefgrootte

Al die standerd tien-meisies van bogenoemde skole is versoek om aan die projek deel te neem, ongeag studierigting, die vlak waarop hulle hul vakke aanbied of vakprestasies. 'n Totaal van 277 standerd tien-meisies het aan die ondersoek deelgeneem.

#### 3.4.2 Samestelling van die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik word

##### 3.4.2.1 Keuse van die soort items vir die vraelys

Die geskiktheid van gestruktureerde (geslote) en nie-gestruktureerde (ope) items is vir hierdie ondersoek oorweeg (kyk 3.3.2.2 (i)). Die verwagting was dat die verlangde inligting feitelik van aard sal wees, daarom is besluit om verdeelde items (Ja-Nee) in die vraelys op te neem. Omdat 'n "Ja"- en "Nee"-respons implikasies inhou vir die ondersoek is

nie-gestruktureerde (ope) items ingesluit sodat respondente hul respons kon motiveer. 'n Aantal veelkeusige items is ook ingesluit. By die veelkeusige items is items soos "Ander", "Weet nie", "Onseker", ingesluit om voorsiening te maak vir respondente wat nie een van die ander items kon kies nie.

Daar is gepoog om kort, duidelike items te formuleer.

### 3.4.2.2 Eerste redaksie van die vraelys

Na aanleiding van die doelstellings van hierdie ondersoek is besluit om meer inligting met behulp van 'n vraelys te bekom.

#### Vraag 1

Die studierigting rig beroepskeuses in 'n bepaalde rigting. Hierdie item is ingesluit sodat die beroepskeuses met die studierigtings vergelyk kan word.

Dui u STUDIERIGTING hier aan:

|                                          |   |
|------------------------------------------|---|
| Geesteswetenskaplike studierigting ..... | 1 |
| Natuurwetenskaplike studierigting .....  | 2 |
| Handelstudierigting .....                | 3 |
| Tegniese studierigting .....             | 4 |
| Musiekstudierigting .....                | 5 |
| Algemene studierigting .....             | 6 |

#### Vraag 2

Vakke en vakprestaties hou verband met verdere studie, byvoorbeeld universiteitstoelating.

Dui asseblief u vakke in orde van voorkeur aan:

| VAK   | VLAK (HG:SG:LG) | PUNTE |
|-------|-----------------|-------|
| ..... | .....           | ..... |
| ..... | .....           | ..... |
| ..... | .....           | ..... |
| ..... | .....           | ..... |
| ..... | .....           | ..... |
| ..... | .....           | ..... |
| ..... | .....           | ..... |

### Vraag 3

Beroepsverwagtinge hou verband met die beskikbaarheid van beroepsgeleenthede. Die item word ingesluit om te bepaal of meisies meen dat daar genoeg beroepsgeleenthede vir meisies in die RSA is.

Dink u dat daar voldoende beroepsgeleenthede vir blanke meisies in Suid-Afrika is?

Ja ..... 1

Nee ..... 2

### Vraag 4

Die item vloei voort uit die beantwoording van vraag 3 en is in die vraelys ingesluit om aan meisies wat NEE antwoord op vraag 3, 'n geleentheid te bied om aan te dui wat die rede is.

Indien u by vraag 3 NEE geantwoord het, dui aan waarom u so dink.

.....  
 .....  
 .....

### Vraag 5

Baie klem word op beroepsvoorligting en -leiding geplaas. Hierdie item word dus ingesluit om vas te stel of meisies beroepsvoorligting van waarde ag.

Dink u dat die beroepsvoorligting wat 'n meisie op skool ontvang vir haar van waarde is by haar beroepskeuse?

Ja ..... 1

Nee ..... 2

### Vraag 6

Respondente wat by vraag 5 NEE geantwoord het kry met hierdie item die geleentheid om redes te verskaf.

Indien u by vraag 5 NEE geantwoord het, motiveer waarom.

.....  
.....  
.....  
.....

### Vraag 7

Uit die literatuur is dit duidelik dat meer beroepe, wat tradisioneel deur mans beoefen is, vir meisies toeganklik word. Meisies se mening daaroor word met hierdie item ondersoek.

Voel u dat 'n vrou beroepe wat tradisioneel deur mans beoefen is (bv. ambagsman, ingenieur, ens.) ewe goed as mans kan verrig?

Ja ..... 1

Nee ..... 2

#### Vraag 8

Die politieke en ekonomiese veranderinge in die RSA het implikasies vir beroepsvoorbereiding en -toetrede. Hoe meisies oor hul beroepstoekoms voel in 'n veranderende RSA word aan die hand van hierdie item bepaal.

Voel u as meisie onseker oor u beroepstoekoms in 'n veranderende Suid-Afrika?

Ja ..... 1

Nee ..... 2

#### Vraag 9

Hierdie item gee aan die respondente die geleentheid om redes te verskaf op hul respons by vraag 8.

Motiveer asseblief u antwoord op vraag 8.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

### Vraag 10

Beroepsopleiding kan in sommige gevalle lank duur. Die item word ingesluit om te bepaal of meisies meen dat dit belangrik is om vir 'n beroep voor te berei.

Dink u dit is belangrik dat 'n vrou haar vir 'n beroep bekwaam?

Ja ..... 1

Nee ..... 2

### Vraag 11

Vraag 11 sluit aan by vraag 10 en word ingesluit om te bepaal hoe meisies oor die huwelik en beroepsbeoefening voel.

Dui aan of u sou verkies om:

In die huwelik te tree ..... 1

'n Beroep te beoefen ..... 2

Getroud te wees en 'n beroep te beoefen ..... 3

Onseker ..... 4

### Vraag 12

Die doel van hierdie item is om te bepaal of die ondergroep reeds 'n finale beroepskeuse gemaak het. Dit het implikasies vir die studie, aangesien die ondersoek net voor die rekord-eksamen gedoen word.

Het u al 'n finale beroepskeuse gemaak?

Ja ..... 1

Nee ..... 2

### Vraag 13

Om aan die doel van hierdie ondersoek te voldoen, naamlik om die beroepskeuses van die ondersoekgroep met hulle aanlegte te vergelyk, word hierdie item ingesluit.

Indien u JA geantwoord het by vraag 12, meld u keuse hier.

.....

### Vraag 14

Daar is geantisipeer dat sommige meisies nog nie 'n finale beroepskeuse gemaak het nie. Hierdie item maak voorsiening vir 'n respondente wat NEE geantwoord het by vraag 12 om redes te verskaf.

Indien u NEE geantwoord het by vraag 12, waarom nie?

|                                   |   |
|-----------------------------------|---|
| Ek is nog onseker .....           | 1 |
| Ek het te min beroepskennis ..... | 2 |
| 'n Ander rede .....               | 3 |

### Vraag 15

Voortvloeiend uit vraag 12 word hierdie item ingesluit. Die respondente wat NEE geantwoord het kan hier 'n beroep aandui wat hulle oorweeg.

Indien u nog nie finaal 'n beroep gekies het nie, watter beroep oorweeg u?

.....

## Vraag 16

Die doel van hierdie item is om vas te stel of die beroepskeuse self gemaak is, en of dit deur ander beïnvloed was.

Indien u reeds op 'n beroep besluit het, of reeds weet watter werk u gaan doen, wie het u die meeste daartoe beïnvloed (dui slegs EEN aan).

|                                              |   |
|----------------------------------------------|---|
| Ek het uit eie oorweging so besluit .....    | 1 |
| My ouers/voogde .....                        | 2 |
| 'n Familielid/lede .....                     | 3 |
| 'n Vriend/e .....                            | 4 |
| Die skoolhoof .....                          | 5 |
| Die beroepsvoorligteronderwyser .....        | 6 |
| 'n Ander onderwyser .....                    | 7 |
| Die skoolsielkundige .....                   | 8 |
| 'n Ander persoon nie hierbo genoem nie ..... | 9 |

## Vraag 17

Ouers se mening oor meisies se beroepskeuse kan dit beïnvloed. Hierdie item word ingesluit om vas te stel hoe die ouers oor hul dogters se beroepskeuse voel.

Hoe voel u ouers oor u beroepskeuse?

|                        |   |
|------------------------|---|
| Tevrede .....          | 1 |
| Nie gelukkig nie ..... | 2 |
| Ek weet nie .....      | 3 |

### Vraag 18

Hierdie item word ingesluit om vas te stel of opleiding vir die gekose beroep nodig is.

Moet u opleiding ontvang vir die beroep wat u kies?

Ja ..... 1

Nee ..... 2

### Vraag 19

Hierdie item sluit aan by vraag 18.

Indien u JA geantwoord het op vraag 18, dui aan waar?

|                              |   |
|------------------------------|---|
| Universiteit .....           | 1 |
| Technikon .....              | 2 |
| Tegniese kollege .....       | 3 |
| Onderwyskollege .....        | 4 |
| Korrespondensiekollege ..... | 5 |
| Ander .....                  | 6 |

### Vraag 20

Omdat daar meisies kan wees wat onseker oor hulle beroepskeuses is, of wie se omstandighede van so 'n aard is dat hulle eers later gaan studeer, word 'n item daaroor ook ingesluit.

Is u van plan om eers later in u lewe verder te studeer?

Ja ..... 1

Nee ..... 2

#### Vraag 21

Hierdie item gee aan respondente, wat JA geantwoord het by vraag 20, die geleentheid om die rede te verskaf.

Indien u by vraag 20 JA geantwoord het, waarom?

Ek is nog onseker oor my beroepskeuse ..... 1

Ek wil nou my eie geld verdien ..... 2

'n Ander rede ..... 3

Meld 'n ander rede hier

.....

#### 3.4.2.3 Tweede redaksie van die vraelys

Die vraelys is met die studieleier bespreek. Nadat sekere redaksionele wysigings op sy aanbevelings aangebring is, is die tweede redaksie opgestel. Vraag 2 is nie by die tweede redaksie ingesluit nie, aangesien vakprestasie nie by hierdie studie betrek word nie.

Die tweede redaksie van die vraelys is weer met die studieleier bespreek, hoofsaaklik om onduidelike of dubbelsinnige vrae uit te skakel. Die vraelys is ook met die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO bespreek om vas te stel of die verkreeë data soos beplan, geanaliseer kon word.

'n Kopie van die vraelys (Bylae C) is vir amptelike goedkeuring aan die Transvaalse Onderwysdepartement gestuur. Skriftelike toestemming is verleen.

#### 3.4.2.4 Aspekte van die finale vraelys

##### (i) BREë TEMAS WAT DEUR DIE VRAELYS GEDEK WORD

Die volgende temas word deur die vraelys gedek:

- \* Studierigting.
- \* Beroepsverwagtinge.
- \* Beroepskeuse.

##### (ii) LENGTE VAN DIE VRAELYS

Daar is gepoog om die vraelys so kort moontlik te hou. Die vraelys bestaan uit 20 vrae.

##### (iii) ANONIMITEIT VAN DIE VRAELYS

Anonimiteit van die vraelys (en Aanlegtoets) is gehandhaaf. Om later die aanlegte met die vraelyste in verband te bring, is die antwoordblaaie van die SAT en die vraelys na voltooiing aan mekaar gekram en 'n kodenommer is daaraan toegeken. Geen skool of respondent kan geïdentifiseer word nie.

##### (iv) VOORKOMS VAN DIE VRAELYS

Die volgende gegewens verskyn op die voorblad (sien Bylae C):

- (i) Aan wie die vraelys gerig word.
- (ii) Die doel van die ondersoek.
- (iii) Die vertroulikheid van die inligting.
- (iv) Instruksies, met 'n voorbeeld, hoe om die vraelys te voltooi.
- (v) 'n Bedankingswoord.

Die res van die vraelys, dit wil sê die spasiëring van die items, kodenommers, tikwerk, ens. is gedoen volgens die kriteria vir die opstel van vraelyste (sien 3.3.2.2 (iii)).

### 3.5 DIE STATISTIESE TEGNIEK

Die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO het die statistiese verwerking gedoen. Frekwensies en persentasies is vir die vraelys bepaal met behulp van 'n SAS-rekenaarprogram (SAS Institute Inc., 1985). Die aanlegte van die respondente is ook met behulp van 'n SAS-program verwerk. Die euklidise afstande van die aanlegprofiel van die proefpersoon en die profiele soos deur Roos (1984) vasgestel, is bepaal (Du Toit et al., 1986:75) (sien 3.3.1.2).

Daar word ook gebruik gemaak van beskrywende statistiek.

### 3.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die doel van die empiriese ondersoek eerstens gemotiveer. Dit is gevolg deur 'n bespreking van die meetinstrumente, te wete die Senior Aanlegtoets (SAT) en die vraelys.

'n Belangrike aspek wat uitgelig word by die SAT is die beroepsprofiel wat deur Roos (1984) daargestel is (sien Bylaag B). Dit is gevolg deur 'n bespreking van die vraelys as empiriese navorsingsmetode. Die keuse van proefpersone is bespreek. Die samestelling van die vraelys is onder die volgende hoofde bespreek: keuse van die soort items, motivering en eerste redaksie van die items, tweede redaksie, temas in die vraelys, lengte van die vraelys, anonimiteit en voorkoms van die vraelys (Bylae C).

In Hoofstuk 4 sal 'n analise en bespreking van die navorsingsresultate gemaak word.

## HOOFSTUK 4

### AANBIEDING VAN DIE RESULTATE

#### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die ondersoekgroep se vraelysresponse en aanlegte aangebied, geanaliseer en geïnterpreteer. Eerstens sal die studierigtings en aanlegte van die ondersoekgroep voorgehou word (sien par. 4.2). Die beroepsverwagtinge word daarna aangebied (sien par. 4.3). Dit word gevolg deur die beroepskeuses van die ondersoekgroep (sien par. 4.4).

#### 4.2 AANLEGTE EN STUDIERIGTINGS VAN DIE ONDERSOEGGROEP

##### 4.2.1 Aanlegte van die ondersoekgroep

Vir hierdie studie is slegs die sterkste aanlegte van die respondente in ag geneem. Dit is bepaal deur die kortste afstand vanaf die profiele soos deur Roos (1984) vasgestel (sien par. 3.3.1.2 en par. 3.5; vergelyk Bylae B).

Hiervolgens is die aanlegte soos volg:

Tabel 4.1 AANLEGTE VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| AANLEGTE                    |       | n   | %     |
|-----------------------------|-------|-----|-------|
| Toegepaste Natuurwetenskap  | (TNW) | 9   | 3,3   |
| Suiwer Natuurwetenskap      | (SNW) | 4   | 1,5   |
| Toegepaste Geesteswetenskap | (TGW) | 168 | 60,6  |
| Suiwer Geesteswetenskap     | (SGW) | 40  | 14,4  |
| Ingenieurswese              | (ING) | 0   | 0,0   |
| Medies, Tandheelkunde &     |       |     |       |
| Veeartsenykunde             | (MTV) | 39  | 14,1  |
| Handel                      | (HA)  | 2   | 0,7   |
| Regte                       | (R)   | 15  | 5,4   |
| TOTAAL                      |       | 277 | 100,0 |

#### 4.2.1.1 Analise van response

Uit bogenoemde is dit duidelik dat 75% (208 uit 277) van die respondente se sterkste aanlegte in die geesteswetenskaplike rigting is, terwyl 18,8% (52 uit 277) 'n natuurwetenskaplike aanleg toon (MTV word geneem as natuurwetenskaplik). Slegs 0,7% (2 uit 277) toon 'n aanleg vir 'n handelstudierigting, terwyl 42,6% (118 uit 277) 'n handelstudierigting volg (vergeelyk tabel 4.2). Dit is interessant om daarop te let dat nie een respondent 'n aanleg in ingenieurswese toon nie.

#### 4.2.1.2 Gevolgtrekking

Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat die geesteswetenskaplike aanleg by 'n groot persentasie van die respondente versterk en ontwikkel is deur die sosialiseringproses, wat die versorgende rol, diens en vroulikheid aan meisies voorhou as die ideaal (vergelyk par. 2.2). Daarteenoor toon die mediese studierigting dat 14,1% (39 uit 277) 'n aanleg in die rigting het. Hierdie studierigting het 'n nou verband met die versorgende rol wat aan die tradisionele geslagsrolidentiteit van meisies toegeskryf word (Williams et al., 1985:720-731) (vergelyk par. 2.2.1). Dit hou ook verband met die tipe speelgoed wat kinders ontvang. Seuns kry gewoonlik speelgoed wat met wiskunde, meganiese beginsels en rekenaars verband hou. Meisies kry gewoonlik poppe, teestelle, ensovoorts (Campbell, 1986:517). Dit verklaar waarom daar in hierdie ondersoekgroep nie een respondent is wat 'n aanleg vir ingenieurswese toon nie. Dit bevestig vorige navorsing dat meisies se opleiding gerig is op die ontwikkeling van aanlegte wat met die vroulike geslagsrolidentiteit geassosieer word (Betz & Hackett, 1981:403) (sien par. 2.4.2).

#### 4.2.2 Studierigtings van die ondersoekgroep

Met vraag 1 is daar by die respondente bepaal wat hulle studierigtings is, en dit word in tabel 4.2 gerapporteer.

Tabel 4.2 STUDIERIGTINGS VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| STUDIERIGTINGS                     | n   | %     |
|------------------------------------|-----|-------|
| Geesteswetenskaplike studierigting | 29  | 10,5  |
| Natuurwetenskaplike studierigting  | 68  | 24,5  |
| Handelstudierigting                | 118 | 42,6  |
| Tegniese studierigting             | 2   | 0,7   |
| Musiekstudierigting                | 3   | 1,1   |
| Algemene studierigting             | 57  | 20,6  |
| TOTAAL                             | 277 | 100,0 |

#### 4.2.2.1 Analise van response

Dit is duidelik dat die grootste persentasie, nl. 42,6% (118 uit 277) 'n handelstudierigting volg, terwyl slegs 0,7% (2 uit 277) 'n sterk aanleg in hierdie rigting toon. Slegs 10,3% (20 uit 277) neem 'n geesteswetenskaplike studierigting, alhoewel 75% (208 uit 277) se sterkste aanleg in 'n geesteswetenskaplike studierigting is (sien tabelle 4.1 & 4.2 en par. 2.4.2).

#### 4.2.2.2 Gevolgtrekking

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die respondente 'n handelstudierigting volg, omdat die tradisionele verwagting is dat hulle as tikster of sekretaresse sal gaan werk. 'n Verdere afleiding is dat hulle "veilig" voel om hierdie rigting te kies omdat hulle daarin 'n beter selfbeeld het (Betz & Hackett, 1981:408) (sien par. 2.4.6). Die

gevolgtrekking word gesteun deur die respondente se aangeduide beroepskeuses (vergelyk tabel 4.12). Daaruit blyk dit dat 16,4% (44 uit 277) aangetoon het dat hulle 'n beroep as tikster/sekretaresse gaan volg. Volgens baie van die respondente word sekretariële beroepe (en onderwys) aan meisies voorgehou deur die beroepsvoorligteronderwyser (sien par. 4.3.2).

Die beroepskeuses is gekategoriseer in aanlegte (vergelyk tab. 4.12). Daaruit blyk dit dat 44,7% (121 uit 270) 'n beroep kies in 'n geesteswetenskaplike rigting. Slegs 10,5% (29 uit 277) volg egter 'n geesteswetenskaplike studierigting, terwyl 75% (208 uit 277) se sterkste aanlegte in hierdie rigting is (sien tabel 4.1). Dit wil dus voorkom of baie respondente 'n beroep kies wat meer met hul aanlegte, as met hul studierigting, ooreenstem. Die gevolgtrekking word gemaak dat meisies 'n onbewuste aanvoeling vir hul sterkste aanleg het. Dit gee egter aanleiding tot 'n gevoel van onsekerheid, omdat hulle nie vroeg (st. 7) reeds voldoende voorligting gekry het ten opsigte van hul aanleg en moontlike beroepsrigtings nie (Post-Kammer & Smith, 1986:551-9). Dit verklaar waarskynlik waarom 72,5% (73 uit 101) onsekerheid as rede aanvoer waarom hulle nog nie 'n finale beroepskeuse gemaak het nie (sien par. 4.4.2 & tabel 4.11).

#### 4.2.3 'n Vergelyking van die ondersoekgroep se studierigtings en aanlegte

Ten einde 'n vergelyking tussen studierigtings en aanlegte te maak, is die studierigtings soos volg by die aanlegte (vergelyk par. 3.3.1.2) gegroepeer:

|                                    |                       |
|------------------------------------|-----------------------|
| Geesteswetenskaplike studierigting | - TGW + SGW + R       |
| Natuurwetenskaplike studierigting  | - TNW + GNW + MTV + R |
| Handelstudierigting                | - HA                  |
| Tegniese studierigting             | - ING + TNW           |
| Musiekstudierigting                | - TGW                 |
| Algemene studierigting             | - TGW + SGW + R       |

Tabel 4.3 DIE MATE WAARIN DIE ONDERSOEKGROEP SE  
STUDIERIGTINGS EN AANLEGTE OOREENSTEM

|                     | n   | %     |
|---------------------|-----|-------|
| Stem ooreen         | 113 | 40,8  |
| Stem nie ooreen nie | 164 | 59,8  |
| TOTAAL              | 277 | 100,0 |

#### 4.2.3.1 Analise van response

Dit blyk uit bogenoemde dat meer as die helfte (59,8% of 164 uit 277) se studierigting nie met hul aanlegte ooreenstem nie.

#### 4.2.3.2 Gevolgtrekking

Die gevolgtrekking wat gemaak word, is dat die meisies aan die einde van standaard sewe nie voldoende voorligting gekry het ten opsigte van hulle vak- en studierigtingkeuses nie. 'n Ander gevolgtrekking kan egter wees dat meisies, in ooreenstemming met hulle geslagsrolidentiteit, die handelstudierigting kies, omdat hulle (verwag om) vanuit 'n beperkte beroepsfeer 'n beroep (te) kies (Bendeman, 1987:5-6) (vergelyk Hoofstuk 2).

Dit wil voorkom of 'n sekretariële of tikstersberoep makliker met 'n huwelik versoenbaar is, vandaar die keuse van 'n handelstudierigting.

As in ag geneem word dat 67,2% (186 uit 277) antisipeer dat hulle in die huwelik gaan tree, en 'n beroep gaan beoefen, verklaar dit moontlik waarom so 'n groot aantal respondente 'n handelstudierigting gekies het (vergelyk par. 4.2.2 en tabel 4.9).

Die meeste vakpakette wat Tik insluit, word egter in die handelstudierigting gevind. Dit kan ook 'n moontlike verklaring wees waarom daar so 'n groot verskil tussen die studierigtings en aanlegte is.

#### **4.3 BEROEPSVERWAGTINGE VAN DIE ONDERSOEGGROEP**

Die sosiale norme, rakende die beroepstoetrede van meisies, is besig om verandering te ondergaan (Ehrhardt et al., 1981:282). Die volume literatuur wat in die jongste tyd oor hierdie aspek verskyn is genoeg bewys daarvan. Dit is dus voor die hand liggend dat die beroepsverwagtinge van meisies vandag van besondere belang is, veral vir beroepsvoorligters wat 'n besondere taak het in die ontwikkeling van meisies se beroepsidentiteit en uiteindelijke beroepskeuse.

Die volgende aspekte van die ondersoekgroep se beroepsverwagtinge sal bespreek word: beroepsgeleenthede; beroepsvoorligting; tradisionele mansberoepe; belangrikheid van beroepsopleiding; die huwelik en beroepsbeoefening.

##### **4.3.1 Beroepsgeleenthede in Suid-Afrika**

Die respondente moes aandui of hulle meen dat daar voldoende beroepsgeleenthede vir meisies in Suid-Afrika is (sien vraag 2).

**Tabel 4.4 IS DAAR VOLDOENDE BEROEPSGELEENTHEDE VIR BLANKE MEISIES IN SUID-AFRIKA?**

|              | n   | %     |
|--------------|-----|-------|
| Ja           | 217 | 78,3  |
| Nee          | 59  | 21,3  |
| Geen respons | 1   | 0,4   |
| TOTAAL       | 277 | 100,0 |

#### 4.3.1.1 Analise van response

Dit blyk uit die response dat 21,3% (59 uit 277) van die respondente meen dat daar nie voldoende beroepsgeleenthede vir meisies in die RSA is nie. Hierdie respondente moes redes verskaf (sien vraag 3). Samevattend is die volgende redes verskaf:

- \* Die beroepswêreld is manlik georiënteerd.
- \* Vroue kry 'n laer salaris as mans.
- \* Meisies word oor die hoof gesien by aanstellings in beroepe.
- \* Daar is nie 'n wye verskeidenheid beroepe waaruit meisies kan kies nie.
- \* Meisies word aan strenger keuring onderwerp, bv. by medias.

#### 4.3.1.2 Gevolgtrekking

Die redes wat verskaf word vir 'n NEE-respons (21,3% of 59 uit 277) op die vraag of daar genoeg werkseleenthede vir meisies in die RSA is, gee aanleiding tot die gevolgtrekking dat baie meisies gebuk gaan onder die tradisionele rolverwagtinge wat die samelewing van meisies het (sien par. 1.2). Die beroepskeuses dui daarop dat 31,4% (87 uit 277) uit 'n redelik beperkte beroepsfeer, nl. onderwys, verpleging en sekretarieel 'n beroep gekies het (vergelyk par. 4.4.3). Die rede hiervoor word gevind in response soos:

Die beroepswêreld is manlik georiënteerd.

Vroue kry 'n laer salaris as mans (vergelyk par. 4.3.1.1).

#### 4.3.2 Die ondersoekgroep se mening oor die waarde van beroepsvoorligting

Die waarde van beroepsvoorligting vir meisies word soos volg deur die respondente gerapporteer (sien vraag 4):

Tabel 4.5 IS BEROEPSVOORLIGTING VIR U VAN WAARDE?

|        | n   | %     |
|--------|-----|-------|
| Ja     | 169 | 61,0  |
| Nee    | 108 | 39,0  |
| TOTAAL | 277 | 100,0 |

#### 4.3.2.1 Analise van response

'n Relatief hoë persentasie van die respondente, naamlik 39,0% (108 uit 277) is van mening dat beroepsvoorligting nie van waarde is nie.

Samevattend was die volgende redes verskaf:

- \* Beroepe word nie volledig behandel nie, maar net oppervlakkig.
- \* Net sekere beroepe, soos onderwys en sekretariële beroepe word behandel.
- \* Irrelevante sake, soos polisse en behuising, kry aandag.
- \* Die aanbieding laat jou nie toe om jouself te leer ken nie.

#### 4.3.2.2 Gevolgtrekking

Die gevolgtrekking waartoe gekom word is dat Beroepsvoorligters nog tradisioneel georiënteer is (vergelyk par. 2.3.5). Hierdie gevolgtrekking word gesteun deur response soos: "Net sekere beroepe, soos onderwys, verpleging en sekretariële beroepe kry aandag." Ten spyte daarvan dat 61% (169 uit 277) meen dat beroepsvoorligting voldoende is, het 'n redelik groot persentasie (33,2% of 92 uit 277) hierdie beroepe gekies (vergelyk tabel 4.12). 'n Verdere gevolgtrekking word dus gemaak dat die ondersoekgroep nie bewus is van hul potensiaal nie, en dat ook nie baie van die sogenaamde mansberoepe vir hulle toeganklik is nie (vergelyk par. 2.3.5 en Smit, 1978:44-45).

#### 4.3.3 Die ondersoekgroep se mening of vroue tradisionele mansberoepe kan beoefen

Meisies se mening, of vroue 'n tradisionele mansberoep net so goed as mans kan verrig (sien vraag 6), bring die volgende na vore:

Tabel 4.6 KAN VROUE TRADISIONELE MANSBEROEPE VOLG?

|        | n   | %     |
|--------|-----|-------|
| Ja     | 257 | 92,7  |
| Nee    | 20  | 7,3   |
| TOTAAL | 277 | 100,0 |

##### 4.3.3.1 Analise van response

Dit is duidelik dat die meeste respondente, naamlik 92,7% (257 uit 277) van mening is dat vroue tradisionele mansberoepe net so goed soos mans kan verrig.

##### 4.3.3.2 Gevolgtrekking

Alhoewel die respons feitlik eenparig JA is, word hierdie siening nie in die respondente se beroepskeuse gereflekteer nie (vergelyk Tabel 4.12). Dit is ook insiggewend dat 24,5% (68 uit 277) 'n natuurwetenskaplike

studierigting volg (vergelyk Tabel 4.2), terwyl slegs 4,8% (13 uit 277) 'n aanleg in hierdie rigting toon (vergelyk Tabel 4.1). Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat die respondente poog om weg te beweeg van 'n tradisionele beroepskeuse, maar nie daarin slaag nie. Dit lei tot frustrasies by meisies wanneer hulle 'n beroep moet kies. Hierdie gevolgtrekking word gesteun deur response soos:

Die beroepswêreld is manlik georiënteerd.

Vroue kry laer salarisse as mans.

Meisies word oor die hoof gesien wanneer poste gevul word.

(Vergelyk par. 4.3.1.1.)

#### 4.3.4 Die ondersoekgroep se gevoel oor hulle beroepstoekoms in 'n veranderende Suid-Afrika

Die gevoel oor 'n beroepstoekoms in 'n veranderende Suid-Afrika is met vraag 7 getoets. Die response was soos volg:

Tabel 4.7 VOEL U ONSEKER OOR U BEROEPSTOEKOMS?

|        | n   | %     |
|--------|-----|-------|
| Ja     | 130 | 46,9  |
| Nee    | 147 | 53,1  |
| TOTAAL | 277 | 100,0 |

#### 4.3.4.1 Analise van response

Die respondente is redelik eweredig verdeel ten opsigte van hul mening oor 'n beroepstoekoms in 'n veranderende RSA. Die meerderheid, 53,1% (147 uit 277), voel egter nie onseker oor hul beroepstoekoms nie.

Die response moes gemotiveer word (sien vraag 8). Samevattend is die volgende redes verskaf:

##### JA-RESPONS

Daar moet met mans meegeding word.

Daar word op vroue neergesien.

Mans kry voorkeur omdat hulle die broodwinners is.

Die ekonomie verswak, werkseleenthede word minder, en meisies sukkel om werk te kry.

Rekenaars word toenemend gebruik, gevolglik is daar minder werkseleenthede.

Anderskleuriges se omstandighede verander en hulle studeer.

As studies afgehandel is, is daar dalk nie poste nie.

##### NEE-RESPONS

Daar is genoeg werkseleenthede vir meisies, en daar sal altyd werk wees.

'n Doelgerigte meisie sal nie probleme ondervind om werk te kry nie.

'n Persoon met die regte kwalifikasies sal aangestel word.

Die land ontwikkel nog steeds en bied nuwe werkseleenthede.

Diskriminasie teen vroue verdwyn, meisies kan dus mansberoepe betree.

Al verander Suid-Afrika sal werkers nog nodig wees.

#### 4.3.4.2 Gevolgtrekking

By 'n ontleding van die response word tot die gevolgtrekking gekom dat die respondente nie op hoogte is van die veranderinge wat in die RSA plaasvind nie. Daar word wel daarna verwys dat anderskleuriges beter gekwalifiseer word, maar die gevolgtrekking wat gemaak word is dat die ondersoekgroep nie die volle implikasies daarvan beseef nie.

Die gevolgtrekking word ook gemaak dat meisies nog gebuk gaan onder die tradisionele geslagsrolverwagting. Dit word weerspieël in response soos:

Daar moet met mans meegeding word.

Daar word op vroue neergesien.

Mans kry voorkeur omdat hulle die broodwinners is.

#### 4.3.5 Die ondersoekgroep se mening oor beroepsopleiding

Die belangrikheid om vir 'n beroep opgelei te word, word met vraag 9 ondersoek.

Tabel 4.8 IS BEROEPSOPLEIDING BELANGRIK?

|        | n   | %     |
|--------|-----|-------|
| Ja     | 270 | 97,5  |
| Nee    | 7   | 2,5   |
| TOTAAL | 277 | 100,0 |

#### **4.3.5.1 Analise van response**

Die grootste persentasie (97,5% of 270 uit 277) besef die belangrikheid om hulle vir 'n beroep, van watter aard ook al, te bekwaam.

#### **4.3.5.2 Gevolgtrekking**

Ten spyte daarvan dat 270 uit 277 meen dat dit belangrik is om vir 'n beroep opgelei te word, rapporteer 5,8% (16 uit 277) dat hulle beroepskeuse geen opleiding vereis nie (sien tabel 4.16). Dit val ook op dat 41 uit 277 (14,8%) respondente nie 'n opleidingsinstansie aangedui het nie (sien Tabel 4.17). Dit blyk dus dat ongeveer 20% van die ondersoekgroep se respons op hierdie item nie ooreenstem met hulle vorige response nie. Die gevolgtrekking word dus gemaak dat hierdie groep onseker is oor die belangrikheid van beroepsopleiding, of oor te min inligting beskik aangaande beroepsopleiding.

#### **4.3.6 Die ondersoekgroep se toekomsverwagtinge betreffende die huwelik en beroepsbeoefening**

Uit hierdie ondervraging (sien vraag 10) kom die volgende na vore:

Tabel 4.9 VERWAGTINGE BETREFFENDE DIE HUWELIK EN BEROEPSBEOEFENING

|                                         | n   | %     |
|-----------------------------------------|-----|-------|
| In die huwelik te tree                  | 1   | 0,4   |
| 'n Beroep te beoefen                    | 68  | 24,5  |
| Getroud te wees en 'n beroep te beoefen | 186 | 67,2  |
| Onseker                                 | 22  | 7,9   |
| TOTAAL                                  | 277 | 100,0 |

#### 4.3.6.1 Analise van response

Die grootste persentasie, 67,2% (186 uit 277), verkies om 'n beroep te beoefen en getroud te wees. 'n Verdere 24,5% (68 uit 277) verkies om slegs 'n beroep te beoefen.

#### 4.3.6.2 Gevolgtrekking

Hierdie response is in ooreenstemming met die huidige sosiale bestel. Die gevolgtrekking word gemaak dat meisies weg beweeg van die tradisionele geslagsrol van vrou en moeder, en beroepsbeoefening in hul toekomsverwagtinge insluit.

#### 4.4 BEROEPSKEUSES

In hierdie afdeling word gelet op die beroepskeuses van die ondersoekgroep. Aspekte wat na vore kom, is of 'n finale beroepskeuse gemaak is, en indien nie, wat die rede is. Die beroepe wat gekies word, of oorweeg word, word ook aangebied. Ander aspekte rondom die beroepskeuses, soos wie die beroepskeuse beïnvloed het; hoe die ouers oor die respondent se keuse voel; of opleiding vir die gekose beroep nodig is en of die respondent van plan is om eers later te studeer word bespreek. Ten slotte word die beroepskeuses vergelyk met die aanlegte en studierigtings van die ondersoekgroep om aan die doel van hierdie studie te beantwoord, naamlik of die beroepskeuses met die aanlegte ooreenstem (vergelyk par. 1.2 en par. 2.4).

##### 4.4.1 Beroepskeuses van die ondersoekgroep

Met vraag 11 is bepaal of die respondente reeds tot 'n finale beroepskeuse gekom het.

Tabel 4.10 HET U REEDS 'N FINALE BEROEPSKEUSE GEMAAK?

|        | n   | %     |
|--------|-----|-------|
| Ja     | 176 | 63,5  |
| Nee    | 101 | 36,5  |
| TOTAAL | 277 | 100,0 |

#### **4.4.1.1 Analise van response**

'n Redelik groot groep respondente, 36,5% (101 uit 277), het nog nie tot 'n finale beroepskeuse gekom nie. Die meerderheid, 63,5% (176 uit 277), het egter reeds 'n finale beroepskeuse gemaak.

#### **4.4.1.2 Gevolgtrekking**

Die navorsing is gedurende Augustus, kort voor die standaard tien-rekordeksamen, uitgevoer. As in ag geneem word dat beroepsgeleenthede nie geredelik beskikbaar is nie; dat daar sluitingsdatums vir keurings en aansoeke is, word daar tot die gevolgtrekking gekom dat 'n groot groep respondente heelwat probleme kan ondervind om 'n geskikte beroep te vind. Hulle "land" dan in 'n beroep waar hulle nie hulle volle beroepspotensiaal kan aktualiseer nie.

#### **4.4.2 Redes waarom 'n finale beroepskeuse nog nie gemaak is nie**

Die rede waarom hulle nog nie 'n finale beroepskeuse gemaak het nie word met vraag 13 ondersoek.

**Tabel 4.11 REDES WAAROM 'N FINALE BEROEPSKEUSE NOG NIE GEMAAK IS NIE**

|                      | n   | %     |
|----------------------|-----|-------|
| Onseker              | 73  | 72,3  |
| Te min beroepskennis | 18  | 17,8  |
| Ander rede           | 10  | 9,9   |
| TOTAAL               | 101 | 100,0 |

#### 4.4.2.1 Analise van response

Van die 101 respondente wat nog nie 'n finale beroepskeuse gemaak het nie, het 17,8% (18 uit 101) te min beroepskennis as rede aangevoer. Daarteenoor het 72,3% (73 uit 101) dit aan onsekerheid toegeskryf, en slegs 9,9% (10 uit 101) aan ander redes. Respondente moes die respons ANDER spesifiseer. Een respondent beplan om professioneel golf te speel. Twee respondente oorweeg nog hul keuse. Drie respondente het aangedui dat hulle eers 'n verskeidenheid beroepe wil probeer, terwyl vier respondente reeds by verskeie plekke aansoek gedoen het en wag vir die uitslag.

#### 4.4.2.2 Gevolgtrekking

Die hooforsaak van keuse-onsekerheid is juis geleë in te min kennis of inligting. Om tot 'n sinvolle beroepskeuse te kom is nie net beroepskennis nodig nie, maar ook selfkennis, wat kennis oor belangstelling en aanleg insluit. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die respondente te

min selfkennis het. Hierdie gebrek aan selfkennis het reeds in standaard 7 gelei tot die kies van 'n verkeerde studierigting (vergelyk par. 4.2.2).

#### 4.4.3 Beroepe gekies deur die ondersoekgroep

Die beroepskeuses van die respondente, wat reeds 'n finale beroepskeuse gemaak het, word deur vraag 12 vasgestel. Die respondente wat nog nie 'n finale beroepskeuse gemaak het nie, moes by vraag 14 aandui watter beroep hulle oorweeg. Die beroepskeuses word in tabel 4.12 aangebied. Die aanleg wat vir die beroep wenslik is word ook getoon, sodat dit later met die ondersoekgroep se aanlegte vergelyk kan word (sien par. 4.4.10).

Tabel 4.12 BEROEPSKEUSES VAN DIE ONDERSOEGROEP

| BEROEP                | n  | %    | AANLEGRIGTING |
|-----------------------|----|------|---------------|
| Sekretarieel/tikster  | 44 | 15,9 | HA            |
| Onderwys              | 28 | 10,1 | TGW           |
| Polisie               | 15 | 5,4  | TGW           |
| Verpleging            | 15 | 5,4  | TGW           |
| Bankwese              | 12 | 4,3  | HA            |
| Joernalistiek         | 9  | 3,2  | TGW           |
| Rekenmeester          | 9  | 3,2  | HA            |
| Programmeerder        | 7  | 2,5  | HA            |
| Datatikster/verwerker | 6  | 2,2  | HA            |
| Maatskaplik           | 6  | 2,2  | TGW           |
| Mode-ontwerp          | 6  | 2,2  | TGW           |
| Rekenaars             | 6  | 2,2  | HA            |
| Skakelbeampte         | 6  | 2,2  | TGW           |
| Klerklik              | 5  | 1,8  | HA            |
| Regte                 | 5  | 1,8  | R             |

|                         |   |     |     |
|-------------------------|---|-----|-----|
| Skoonheidsdeskundige    | 5 | 1,8 | TGW |
| Haartegnologie/-kapster | 5 | 1,8 | TGW |
| Advokaat                | 4 | 1,4 | R   |
| Hotelbestuur            | 4 | 1,4 | HA  |
| Personeelbestuur        | 4 | 1,4 | TGW |
| Sielkunde               | 4 | 1,4 | TGW |
| Toerisme                | 4 | 1,4 | TGW |
| B.Com. (Rek)            | 3 | 1,1 | HA  |
| Binnehuisversiering     | 3 | 1,1 | TGW |
| Fisioterapeut           | 3 | 1,1 | TGW |
| Grafiiese kuns          | 3 | 1,1 | TGW |
| Mikrobioloog            | 3 | 1,1 | TNW |
| Apteker                 | 2 | 0,7 | MTW |
| Arbeidsterapie          | 2 | 0,7 | TGW |
| B.Com (Bedryfsielk.)    | 2 | 0,7 | TGW |
| Dieetkundige            | 2 | 0,7 | TNW |
| Meganiese tegnoloog     | 2 | 0,7 | TNW |
| Oogkundige/optometrie   | 2 | 0,7 | MTV |
| Spraakterapie           | 2 | 0,7 | TNW |
| B.A. (LO)               | 1 | 0,3 | TGW |
| B.Com. (Bedryfsekon.)   | 1 | 0,3 | HA  |
| Bestuurswese            | 1 | 0,3 | HA  |
| B.Mus.                  | 1 | 0,3 | TGW |
| B.Sc.                   | 1 | 0,3 | TGW |
| Diereverpleegkunde      | 1 | 0,3 | MTV |
| Diplomatieke diens      | 1 | 0,3 | TGW |
| Drama                   | 1 | 0,3 | TGW |
| Ekonomie                | 1 | 0,3 | HA  |
| Fotograaf               | 1 | 0,3 | TGW |
| Geneeskundige tegn.     | 1 | 0,3 | TNW |
| Geoloog                 | 1 | 0,3 | TNW |
| Geoktrooide rekenm.     | 1 | 0,3 | HA  |
| Handelskuns             | 1 | 0,3 | TGW |
| Ingenieurswese          | 1 | 0,3 | TGW |
| Juwelemaker             | 1 | 0,3 | TNW |
| Kosterekenmeester       | 1 | 0,3 | HA  |
| Lab. assistent          | 1 | 0,3 | TNW |
| Medies                  | 1 | 0,3 | MTV |

|                          |   |     |     |
|--------------------------|---|-----|-----|
| Mondhigiëne              | 1 | 0,3 | MTV |
| Natuurlewebestuur        | 1 | 0,3 | TNW |
| Predikant                | 1 | 0,3 | TGW |
| Psigiater                | 1 | 0,3 | MTV |
| Residensiële kindersorg  | 1 | 0,3 | TGW |
| Spysenier                | 1 | 0,3 | TNW |
| Teleksoperatrise         | 1 | 0,3 | HA  |
| Veearts                  | 1 | 0,3 | MTV |
| Veearts-tegnoloog        | 1 | 0,3 | MTV |
| Verteenwoordiger         | 1 | 0,3 | HA  |
| Sendeling                | 1 | 0,3 | TGW |
| Geen beroep aangedui nie | 9 | 3,2 |     |

---

|        |     |       |
|--------|-----|-------|
| TOTAAL | 277 | 100,0 |
|--------|-----|-------|

---

Die aanlegrigtings (sien Bylae A en B) waarin die beroepskeuses val, word in Tabel 4.13 saamgevat.

**Tabel 4.13 AANLEGRIGTINGS VAN DIE ONDERSOEGGROEP SE BEROEPSKEUSES**

| AANLEGRIGTING                       | n   | %     |
|-------------------------------------|-----|-------|
| Toegepaste Natuurwetenskap (TNW)    | 18  | 6,7   |
| Suiwer Natuurwetenskap (SNW)        | 1   | 0,4   |
| Toegepaste Geesteswetenskap (TGW)   | 126 | 47,0  |
| Suiwer Geesteswetenskap (SGW)       | 0   | 0,0   |
| Ingenieurswese (ING)                | 1   | 0,4   |
| Medies, Tandheelkunde, Medies (MTV) | 10  | 3,7   |
| Handel (H)                          | 103 | 38,4  |
| Regte (R)                           | 9   | 3,4   |
| TOTAAL                              | 268 | 100,0 |

#### 4.4.3.1 Analise van beroepskeuses

Vyf beroepe, naamlik: Sekretarieel, Onderwys, Verpleging, Maatskaplik en Klerklik verteenwoordig die grootste persentasie (35,4% of 98 uit 268) van die ondersoekgroep se beroepskeuses. Met die uitsondering van Regte, Advokaat, Geoloog, Ingenieurswese, Medies en Veearts, wat 4,7% (13 uit 268) van die beroepskeuses verteenwoordig, word al die ander beroepe tradisioneel deur vroue beoefen.

Die meeste beroepe (47,0% of 126 uit 268), val in die toegepaste geesteswetenskaplike aanlegrigting, terwyl 38,4% (103 uit 268) in die handelsrigting is (vergelyk tabel 4.13). Slegs 14,5% (39 uit 268) van die ondersoekgroep se beroepskeuses val in die ander aanlegrigtings. In paragraaf 4.4.10 sal 'n vergelyking van die beroepskeuses en die aanlegte aangebied word.

#### 4.4.3.2 Gevolgtrekking

Die gevolgtrekking waartoe gekom word is dat meisies nog steeds neig om vanuit 'n beperkte beroepsfeer 'n beroepskeuse te maak, naamlik klerklik, verpleging, onderwys en verkoopswerk (Bendeman, 1987:5; Van Rooyen, 1984:18). Hierdie tendens is waarskynlik toe te skryf aan die sosialiseringproses van meisies tot beroepsidentifikasie (vergelyk par. 2.2) en dat meisies gelei word tot die kies van beroepe in die sosiale wetenskappe en handelsrigtings (Stromberg & Harkess, 1978:186) (vergelyk par. 2.4.3).

#### 4.4.4 Persone wat die ondergroep se beroepskeuses beïnvloed het.

Vraag 15 is gevra om vas te stel of iemand 'n invloed op die ondergroep se beroepskeuse gehad het, en of hulle self 'n beroep gekies het. Die response word in Tabel 4.14 aangebied.

Tabel 4.14 PERSONE WAT DIE ONDERGROEP SE BEROEPSKEUSES BEÏNVLOED HET

|                                        | n   | %     |
|----------------------------------------|-----|-------|
| Ek het uit eie oorweging so besluit    | 183 | 66,1  |
| My ouers/voogde                        | 18  | 6,5   |
| Familielid(lede)                       | 8   | 2,9   |
| Vriend(e)                              | 5   | 1,8   |
| Die skoolhoof                          | 0   | 0,0   |
| Die beroepsvoorligteronderwyser        | 1   | 0,4   |
| 'n Ander onderwyser                    | 1   | 0,4   |
| Die skoolsielkundige                   | 1   | 0,4   |
| 'n Ander persoon nie hierbo genoem nie | 8   | 2,9   |
| Geen respons                           | 52  | 18,8  |
| TOTAAL                                 | 277 | 100,0 |

##### 4.4.4.1 Analise van response

Uit tabel 4.14 is dit duidelik dat die meeste respondente uit eie oorweging 'n beroep gekies het (66,1% of 183 uit 277). Slegs 3 uit 277 (1,1%) respondente is deur die skool beïnvloed in hulle beroepskeuse, terwyl

18 uit 277 (6,5%) deur hul ouers beïnvloed is. 'n Redelike groot groep, 52 uit 277 (18,7%) het geen respons gelever nie.

#### 4.4.4.2 Gevolgtrekking

Alhoewel dit wenslik is dat 'n persoon self sy beroep kies, word die gevolgtrekking gemaak dat die meeste respondente nie voldoende selfkennis het om sonder steungewing tot 'n realistiese beroepskeuse te kom nie (vergelyk par. 4.2.3). Hierdie gevolgtrekking word gesteun deur die feit dat die skool 'n geringe bydrae gelever het tot die maak van die ondersoekgroep se beroepskeuse (vergelyk par. 4.4.4.1).

'n Redelike groot groep (18,8% of 52 uit 277) het geen respons gelever nie. Die gevolgtrekking word gemaak dat hulle nog nie 'n beroep gekies het nie, of dat hulle nie weet wie die keuse beïnvloed het nie.

#### 4.4.5 Ouers se gevoel oor die ondersoekgroep se beroepskeuses

Die respondente moes by vraag 16 aandui hoe hulle ouers oor hulle beroepskeuses voel. Dit word in Tabel 4.15 aangedui.

Tabel 4.15 OUERS SE GEVOEL OOR DIE ONDERSOEKGROEP SE BEROEPSKEUSES

|                  | n   | %    |
|------------------|-----|------|
| Tevrede          | 230 | 83,0 |
| Nie gelukkig nie | 1   | 0,4  |
| Ek weet nie      | 32  | 11,5 |
| Geen respons     | 14  | 5,1  |
| TOTAAL           | 277 | 100  |

#### 4.4.5.1 Analise van response

Die meeste ouers (83,0% of 230 uit 277) is volgens die respondente tevrede met die beroepskeuse. Dit blyk dat 11,5% (32 uit 277) nie weet hoe hulle ouers oor die beroepskeuse voel nie, terwyl 5,1% (14 uit 277) geen respons gelever het nie.

#### 4.4.5.2 Gevolgtrekking

Die gevolgtrekking waartoe gekom word is dat die meeste ouers die keuse van 'n beroep grootliks aan hul kinders oorlaat. Die gevolgtrekking word gesteun deur die feit dat slegs 6,5% (18 uit 277) se keuse deur hul ouers beïnvloed is (vergelyk Tabel 4.14). Die 5,1% (14 uit 277) respondente wat geen respons gelever het nie, lei tot die gevolgtrekking dat hulle nog nie finaal 'n beroep gekies het nie. Die 11,5% (32 uit 277) wat nie weet hoe hulle ouers oor die beroepskeuse voel nie, gee aanleiding tot

die gevolgtrekking dat hulle nie die beroepskeuses met hul ouers bespreek het nie.

#### 4.4.6 Beroepsopleiding van die onderzoekgroep

Opleiding, van watter aard ook al, is in die moderne beroepsbestel belangrik. Hierdie aspek is met vraag 17 ondersoek.

Tabel 4.16 IS OPLEIDING NODIG VIR U BEROEPSKEUSE?

|              | n   | %     |
|--------------|-----|-------|
| Ja           | 251 | 90,6  |
| Nee          | 16  | 5,8   |
| Geen respons | 10  | 3,6   |
| TOTAAL       | 277 | 100,0 |

##### 4.4.6.1 Analise van response

Daaruit blyk dit dat feitlik die hele onderzoekgroep (90,6% of 251 uit 277) een of ander opleiding vir hul beroepskeuse moet ontvang.

#### 4.4.6.2 Gevolgtrekking

Die gevolgtrekking word gemaak dat die ondersoekgroep die belangrikheid van beroepsopleiding besef (vergelyk Tabel 4.8).

#### 4.4.7 Die opleidingsinstansies van die ondersoekgroep

Die plek van opleiding (vraag 18) word in Tabel 4.17 aangebied.

Tabel 4.17 OPLEIDINGSINSTANSIES

|                        | n   | %     |
|------------------------|-----|-------|
| Universiteit           | 81  | 29,3  |
| Technikon              | 71  | 25,6  |
| Tegniese kollege       | 20  | 7,2   |
| Onderwyskollege        | 12  | 4,3   |
| Korrespondensiekollege | 4   | 1,4   |
| Ander                  | 48  | 17,4  |
| Geen respons           | 41  | 14,8  |
| TOTAAL                 | 277 | 100,0 |

#### 4.4.7.1 Analise van response

Meer as die helfte van die respondente se opleidingsinstansies is 'n universiteit (29,3%) of 'n technikon (25,6%). Redelik baie respondente (41 uit 277 of 14,8%) het geen respons gelever nie, terwyl 17,4% (48 uit 277) by 'n ander instansies opleiding gaan ontvang.

#### 4.4.7.2 Gevolgtrekking

Alhoewel die meeste respondente meen dat hulle opleiding vir 'n beroep moet kry, en slegs 10 uit 277 geen respons aangebied het nie (sien Tabel 4.8), lewer 41 uit 277 geen respons op die vraag waar die opleiding moet plaasvind nie. Die gevolgtrekking waartoe gekom word is dat daar nie genoeg kennis/inligting by die respondente oor hul beroepskeuse en opleidingsvereistes is nie. Die bevinding strook met navorsing wat onlangs deur Weinrach (1987:27) onderneem is.

#### 4.4.8 Respondente wat beplan om eers later te studeer

Omdat geantisipeer is dat sommige meisies eers later gaan studeer, is vraag 19 gevra. Die response word in Tabel 4.18 aangebied.

Tabel 4.18 BEPLAN U OM EERS LATER TE STUDEER?

|              | n   | %     |
|--------------|-----|-------|
| Ja           | 71  | 25,6  |
| Nee          | 198 | 71,5  |
| Geen respons | 8   | 2,9   |
| TOTAAL       | 277 | 100,0 |

#### 4.4.8.1 Analise van response

Uit Tabel 4.18 blyk dit dat 25,6% (71 uit 277) van plan is om eers later verder te studeer.

#### 4.4.8.2 Gevolgtrekking

Die gevolgtrekking word gemaak dat meisies die belangrikheid van studie en beroepsopleiding besef, en dat daar beoog word om verder te studeer.

#### 4.4.9 Redes waarom beplan word om eers later te studeer

Die redes waarom sommige respondente eers later wil studeer is met vraag 20 ondersoek. Dit word in Tabel 4.19 gerapporteer.

Tabel 4.19 REDES WAAROM BEPLAN WORD OM EERS LATER TE STUDEER

|                           | n   | %     |
|---------------------------|-----|-------|
| Onseker oor loopbaankeuse | 19  | 6,8   |
| Wil nou eie geld verdien  | 28  | 10,1  |
| Ander rede                | 24  | 8,7   |
| Geen respons              | 206 | 74,4  |
| TOTAAL                    | 277 | 100,0 |

#### 4.4.9.1 Analise van response

Uit tabel 4.19 blyk dat die meeste respondente wat beplan om eers later te studeer (28 uit 71) dit om finansiële redes doen. Onsekerheid oor loopbaankeuse gee daartoe aanleiding dat 19 van die 71 respondente eers later gaan studeer.

#### 4.4.9.2 Gevolgtrekking

Die gevolgtrekking word gemaak dat onsekerheid en 'n gebrek aan beroepskennis hoofsaaklik verantwoordelik is vir hierdie response.

#### 4.4.10 'n Vergelyking van die onderboekgroep se beroepskeuses met hulle aanlegte en studierigtings

Die aanleggrigtings, wat deur Roos (1984) geïdentifiseer is (sien Bylae A), is aan die beroepe, wat die onderboekgroep gekies het, toegeken (sien par. 4.3.3). Hierdie indeling is gebruik om die beroepskeuses van die onderboekgroep met hulle aanlegte en studierigtings te vergelyk om te bepaal of die beroepskeuses daarmee ooreenstem. Die mate waarin die beroepskeuses met die aanlegte en studierigtings ooreenstem word in Tabel 4.20 aangebied.

Tabel 4.20 DIE MATE WAARIN DIE ONDERSOEKSGROEP SE BEROEPSKEUSES MET HULLE AANLEGTE EN STUDIERIGTINGS OOREENSTEM

|                     | AANLEGTE |       | STUDIERIGTING |       |
|---------------------|----------|-------|---------------|-------|
|                     | n        | %     | n             | %     |
| Stem ooreen         | 127      | 47,0  | 174           | 64,5  |
| Stem nie ooreen nie | 143      | 53,0  | 96            | 35,5  |
| TOTAAL              | 270      | 100,0 | 270           | 100,0 |

##### 4.4.10.1 Analise van response

Dit blyk dat die beroepskeuses meer met die studierigtings as met die aanlegte ooreenstem. Slegs 35,5% (96 uit 270) beroepskeuses stem nie ooreen met die studierigtings nie, terwyl 53,0% (143 uit 270) nie met die aanlegte ooreenstem nie.

#### 4.4.10.2 Gevolgtrekking

Die gevolgtrekking waartoe gekom word is dat die grootste persentasie respondente, alhoewel hulle oor die aanleg en potensiaal beskik, terugval op 'n meer tradisionele beroepskeuse, naamlik sekretarieel, onderwys en verpleging (Bendeman, 1987:5; vergelyk par. 4.4.3 en Hoofstuk 2).

Die gevolgtrekking word gemaak dat 'n groot deel van die ondersoekgroep 'n onrealistiese beroepskeuse gemaak het. 'n Ander, of hoërvlak beroep, sou waarskynlik 'n beter keuse gewees het. Daar moet egter op gewys word dat die belangstelling nie by hierdie ondersoek in ag geneem is nie.

#### 4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsresultate aangebied. Daaruit blyk dit dat meisies neig om vanuit 'n beperkte beroepsfeer 'n keuse te maak. Hierdie keuse korreleer goed met die studierigtings, maar nie so goed met die aanlegte nie.

Studierigtings en aanlegte van die ondersoekgroep korreleer nie met mekaar nie (vergelyk par. 4.2.3). Die meeste respondente volg 'n handelstudierigting, terwyl hulle sterkste aanlegte in die geesteswetenskaplike rigting is. Die gevolgtrekking word gemaak dat die verkeerde keuse van studierigtings in standerd sewe grootliks toegeskryf kan word aan die tradisionele verwagting van wat geskikte beroepe vir meisies sal wees.

Die meeste meisies is van mening dat daar genoeg werksgeleenthede in die RSA vir blanke meisies is, maar voel dat beroepsvoorligting nie aan die behoefte van meisies voldoen nie. Daar word tot die gevolgtrekking gekom dat beroepsvoorligters neig om meisies onbewustelik anders te behandel as seuns ten opsigte van beroepsvoorligting.

Die ondersoekgroep is redelik eweredig verdeel oor blanke meisies se beroepsdeelname in 'n veranderende RSA. Die afleiding word egter gemaak dat die ondersoekgroep nie op hoogte is van die veranderinge wat in die RSA plaasvind nie.

In Hoofstuk 5 word 'n samevatting van die navorsingsresultate, gevolgtrekkings en aanbevelings aangebied.

## HOOFSTUK 5

### SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### 5.1 INLEIDING

Ten einde die beroepsverwagtinge en beroepskeuses van standerd tien-meisies in perspektief te plaas, was dit eerstens nodig om die tema vanuit die literatuur te bestudeer. Tweedens was dit nodig om verskillende aspekte van standerd tien-meisies se beroepsverwagtinge en beroepskeuses empiries volgens die vraelysmetode te ondersoek. Dit was ook nodig om die ondersoekgroep se aanlegte te bepaal met behulp van die Senior Aanlegtoets.

Nadat die samevatting van die literatuurstudie en die navorsingsresultate aangebied is, sal die gevolgtrekkings waartoe geraak is, saamgevat word. In die lig van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek, sal daar enkele aanbevelings gemaak word. Enkele gebreke van die ondersoek sal uitgelig word. Ten slotte sal aanbevelings gemaak word oor moontlike verdere ondersoeke.

#### 5.2 SAMEVATTING

##### 5.2.1 Doelstelling (vgl. par. 1.3 & 3.2)

Die doel van hierdie ondersoek was tweeledig van aard. Eerstens om te bepaal watter faktore die beroepskeuses van meisies beïnvloed, en tweedens of die beroepskeuses van meisies met hulle aanlegte ooreenstem.

## **5.2.2 Faktore wat meisies se beroepskeuses beïnvloed (vgl. Hoofstuk 2)**

### **5.2.2.1 Beroepsidentifikasie van meisies (vgl. par. 2.1)**

Sosialisering het 'n direkte invloed op meisies se beroepsidentifikasie. Van jongs af is hulle gedrag in ooreenstemming met die tradisionele rolle (vroulikheid, aantreklikheid, ens.) wat deur die gemeenskap aan meisies voorgehou word. Dit geld ook vir die beroepe wat die gemeenskap as geskik vir meisies beskou. Meisies neig dus om vanuit 'n beperkte beroepsfeer 'n beroep te kies (vgl. Tabel 4.12 & par. 4.4.3.2).

### **5.2.2.2 Die invloed van ouers, die portuurgroep, onderwysers, televisie en skoolvoorgligters op meisies se beroepskeuses (vgl. par. 2.3)**

Die opvoedingstyl van ouers hou verband met die ontwikkeling van meisies se geslagsrolidentiteit, en dus ook met hulle beroepsoriëntasie. Moeders het 'n groter invloed as vaders op meisies se beroepsoriëntasie (vgl. par. 2.3.1). Die portuurgroep, veral seunsvriende, het gedurende die adolessente periode 'n belangrike invloed op die vorming van 'n meisie se geslagsrolidentiteit en beroepsoriëntasie. Druk van die portuurgroep laat by meisies die gevoel ontstaan dat populariteit, aansien en aantreklikheid belangriker is as akademiese prestasie en hoë beroepsaspirasies (Basow, 1980:133; Bernard, 1981:137; Stromberg & Harkess, 1978:187) (vgl. par. 2.3.2). Dit blyk dat onderwysers nie 'n noemenswaardige invloed op meisies se beroepsoriëntasie het nie (vgl. par. 2.3.3).

Televisie se invloed op meisies se beroepsoriëntasie kan herlei word tot die invloed op televisiekykers se belangstellingspatrone. Dit blyk dat televisieprogramme geslagsrolle op 'n stereotiepe wyse voorstel. Daardeur word belangstellingspatrone in die velde "Welsynswerk" en

"Prakties-Vroulik" 19-veld Belangstellingsvraelys) by meisies versterk (vgl. par. 2.3.4).

Skoolvoorligters het nie 'n groot invloed op meisies se beroepskeuses nie (vgl. par. 2.3.5 & 4.3.2; Tabel 4.14).

#### 5.2.2.3 Die invloed van persoonlike faktore op meisies se beroepskeuses (vgl. par. 2.4)

Seuns en meisies slaan die belangstellingsaspek hoog aan by die maak van 'n beroepskeuse. Meisies neig egter om dienslewering en welsyn hoog aan te slaan. Seuns slaag egter 'n goeie inkomste en vooruitsigte vir bevordering hoog aan (vgl. par. 2.4.1).

Meisies se opleiding is meer gerig op die ontwikkeling van aanlegte in 'n geesteswetenskaplike-, sekretariële en klerklike beroepsrigting (vgl. par. 2.4.2; 4.2.1.2 en Tabel 4.1). Die gevolg hiervan is dat meisies meesal 'n huishoudelike, versorgende en administratiewe studierigting volg (vgl. Tabel 4.2 & par. 4.2.2.2).

Die beroepswaardes (sien par. 2.4.5) van meisies en hulle selfbeeld (sien par. 2.4.6) het 'n negatiewe invloed op meisies se beroepsoriëntasie. Dit lei daartoe dat vrees vir sukses (sien par. 2.4.7) hulle verhinder om hulle volle beroepspotensiaal te ontwikkel.

#### 5.2.2.4 Ander faktore wat 'n invloed op meisies se beroepskeuses het (vgl. par. 2.5)

Ander faktore, soos mannekragtekorte, ekonomiese en politieke toestande, die verhoging van die opvoedingspeil en beroepskennis, het afsonderlik en/of gesamentlik 'n invloed op meisies se beroepsvoorkeure en -verwagtinge (vgl. par. 2.5.1).

### 5.2.3 Metode van ondersoek (vgl. Hoofstuk 3)

Vir die doel van hierdie ondersoek is die Senior Aanlegtoets (vgl. par. 3.3.1), beroepsprofile wat met behulp van die Senior Aanlegtoets geïdentifiseer is (vgl. par. 3.3.1.2 en Bylaag B) en 'n vraelys (vgl. par. 3.3.2) gebruik. Drie aspekte word deur die vraelys gedek:

- \* Studierigting (vgl. par. 4.2).
- \* Beroepsverwagtinge (vgl. par. 4.3).
- \* Beroepskeuse (vgl. par. 4.4).

Al die Afrikaanssprekende standerd tien-meisies van vier Afrikaansmedium Hoërskole, in 'n bepaalde metropolitaanse gebied, het aan die projek deelgeneem (vgl. par. 3.4.1).

Die gegewens is statisties met 'n SAS-rekenaarprogram verwerk (vgl. par. 3.5).

### 5.2.4 Aanlegte en studierigtings van die ondersoekgroep (vgl. par. 4.2)

Studierigtings en aanlegte van die ondersoekgroep korreleer nie met mekaar nie (vgl. par. 4.2.3). Die meeste respondente se sterkste aanlegte is 'n geesteswetenskaplike rigting (vgl. Tabel 4.1), terwyl hulle 'n handelstudierigting volg (vgl. Tabel 4.2).

### 5.2.5 Beroepsverwagtinge van die ondersoekgroep (vgl. par. 4.3)

Die meeste respondente is van mening dat daar voldoende werkseleenthede in die RSA vir blanke meisies is (vgl. par. 4.3.1),

maar voel dat beroepsvoorligting nie voldoende voorsiening vir meisies maak nie (vgl. par. 4.3.2).

Die ondersoekgroep is van mening dat meisies tradisionele mansberoepes kan verrig (vgl. par. 4.3.3). Daar is egter 'n redelike mate van onsekerheid oor die beroepstoekoms van blanke meisies in 'n veranderende RSA (Vgl. par. 4.3.4). Beroepsopleiding word dus as baie belangrik gesien (vgl. par. 4.3.5).

Meer as die helfte van die ondersoekgroep (67,2%) verwag om getroud te wees en 'n beroep te beoefen (vgl. par. 4.3.6).

#### 5.2.6 Beroepskeuses van die ondersoekgroep (vgl. par. 4.4)

Die meeste respondente (176 uit 277) het 'n finale beroepskeuse gemaak (vgl. par. 4.4.1). Die rede waarom die res nie 'n beroepskeuse gemaak het nie, word grootliks aan te min beroepskennis toegeskryf (vgl. par. 4.4.2).

Vyf beroepe, naamlik: Sekretarieel, Onderwys, Verpleging, Maatskaplik en Klerklik, verteenwoordig die grootste persentasie (35,4%) van die ondersoekgroep se beroepskeuses (vgl. par. 4.4.3). Die ondersoekgroep het hoofsaaklik uit eie oorweging hul beroepskeuses gemaak (vgl. par. 4.4.4), en die meeste ouers is tevrede met hul dogters se beroepskeuse (vgl. par. 4.4.5).

Opleiding word vir die meeste beroepe vereis (vgl. par. 4.4.6), hoofsaaklik by universiteite en teknikons (vgl. par. 4.4.7). Te min beroepskennis en finansiële oorweginge (vgl. par. 4.4.9) gee aanleiding daartoe dat sommige respondente (71 uit 277) beplan om eeers later te studeer (vgl. par. 4.4.8).

### 5.3 GEVOLGTREKKINGS

Na aanleiding van die doelstelling, naamlik of meisies se beroepskeuse in ooreenstemming met hulle aanlegte is (vgl. par. 1.3 & 3.2), en 'n oorweging van die ondersoekresultate, word daar tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

Die sosialiseringproses hou steeds die versorgende rol, diens en vroulikheid aan meisies voor as die ideale rol. Daardeur word aanlegte in 'n geesteswetenskaplike en mediese rigting by meisies versterk (vgl. par. 4.2.1). Ten spyte daarvan volg die grootste persentasie respondente 'n handelstudierigting (vgl. par. 4.2.2). Die gevolgtrekking waartoe gekom word is dat hulle "veilig" voel in hierdie studierigting, omdat die tradisionele verwagting is dat hulle as tikster of sekeretaresse sal gaan werk (vgl. par. 4.2.2). Meisies kies dus in standerd sewe 'n studierigting wat nie by hulle aanlegte pas nie. Dit blyk dat meisies nie voldoende voorligting in standerd sewe ontvang nie, en dat 'n sekretariële rigting en onderwys aan hulle voorgehou word deur die voorligteronderwyser (vgl. par. 4.3.2). Die beroepskeuses van die ondersoekgroep korreleer gevolglik met hulle studierigtings, maar nie met hulle aanlegte nie (vgl. par. 4.4.10). Die gevolgtrekking waartoe gekom word is dat 'n groot persentasie van die ondersoekgroep 'n onrealistiese beroepskeuse gemaak het, waarskynlik omdat hulle vanuit 'n beperkte beroepsfeer 'n beroepskeuse maak (vgl. par. 4.4.3). Dit kan waarskynlik aan die tradisionele waardes en rolle, wat vir meisies geld, toegeskryf word (vgl. par. 1.2).

Ander gevolgtrekkings wat uit hierdie studie na vore kom:

Die respondente is nie op hoogte van veranderinge wat in die RSA plaasvind nie (vgl. par. 4.3.4).

Die ondersoekgroep beskik oor te min inligting aangaande beroepsopleiding (vgl. par. 4.3.5), alhoewel hulle die belangrikheid daarvan besef (vgl. par. 4.4.6).

Meisies wil weg beweeg van die tradisionele geslagrol van vrou en moeder, en 'n beroep met 'n huwelik versoen (vgl. par. 4.3.6).

Die meeste respondente beskik nie oor voldoende selfkennis om sonder steungewing tot 'n realistiese beroepskeuse te kom nie (vgl. par. 4.2.3 & 4.4.4).

#### 5.4 AANBEVELINGS

Die vrouewerkkrag in Suid-Afrika is baie waardevol en 'n belangrike bron van uitvoerende en hoogs gekwalifiseerde werkkrag wat nie verwaarloos mag word nie. Die plek wat die vrou in die beroepswêreld inneem en die implikasies daarvan behoort dus besondere aandag te geniet in skoolvoorligting. Dit is veral noodsaaklik dat meisies bewus gemaak sal word van hulle beroepspotensiaal, maar ook van beroepsopsies en -probleme (vgl. Hoofstuk 1).

'n Skoolvoorligter moet daarvan kennis neem dat meisies se beroepsoriëntasie anders is as dié van seuns, en sy voorligtingsprogram daarby aanpas. 'n Skoolvoorligtingsprogram kan dus nie dieselfde vir seuns en meisies wees nie.

#### 5.5 LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK

Persoonlike onderhoude met proefpersone sou wenslik wees. Sodoende sou meer inligting rakende die beroepskeuses bekom kon word.

Die belangstellingsaspek is nie by hierdie ondersoek betrek nie. Dit sou waarskynlik meer lig op party van die respondente se beroepskeuse gewerp het.

## 5.6 AANBEVELINGS VIR VERDERE ONDERSOEK

Aandag behoort gegee te word aan voorligtingsmedia wat spesifiek op meisies betrekking het.

Die ondersoek kan uitgebrei word om nie-metropolitaanse gebiede, en anderstaliges, in te sluit.

Die verband tussen standaard tien-meisies se belangstellingspatrone, aanlegte en beroepskeuses verdien verdere ondersoek.

## 5.7 SLOTOPMERKING

Indien aanvaar word dat die rol van die vrou in die beroepswêreld 'n belangrike aangeleentheid is, is dit noodsaaklik dat beroeps- en kursusvoorligting in skole steeds verbeter word. Sodanige verbetering kan slegs bereik word indien die proses van beroepsvoorligting voorsiening maak vir die dinamiese, sowel as die wetenskaplike, dimensies van loopbaankeuse en loopbaanontwikkeling van meisies in die besonder. Die beroepsoriëntasie van 'n meisie is 'n proses wat haar hele lewe duur (Bontius, 1986:321). Dit strek ook veel verder as slegs beroepsvoorligting. Dit is omvangryk, en sluit die meisie in haar totaliteit in. Dit dui ook op 'n gekoördineerde beplanning deur alle belanghebbende persone en instansies. Alleen op so 'n wyse kan die optimale benutting van die beskikbare mannekrag in sy volle omvang ondersoek word.

## BRONNELYS

- ALBERTS, N.F. 1974. Kernelemente in Voorligting. Pretoria: Van Schaik.
- ARY, D., JACOBS, L.C. & RAZAVIEH, A. 1972. Introduction to research in education. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- BARKER, F.S., 1984. Manpower shortages in South Africa. Pretoria: RGN. (MN-106.)
- BASOW, S.A. 1980. Sex-role stereotypes: traditions and alternatives. Monterey, Cal.: Brooks/Cole.
- BENDEMAN, H. 1987. Die vrou as onmisbare deel van die arbeidsmag. *Kompas*, 11:5-6, April.
- BENERIA, L. 1982. Woman and development. New York: Praeger.
- BERNARD, J. 1981. The female world. New York: Free Press.
- BETZ, N.E. & HACKETT, G. 1981. The relationship of career-related expectations to perceived career options in college women and men. *Journal of counseling Psychology*, 28(5):399-410.
- BEUKES, J.H. 1985. Motivering vir naskoolse opleiding en beroepstoetrede: faktore wat st. 10-leerlinge se keuses beïnvloed. Pretoria: RGN. (MN-115.)
- BONTIUS, I. 1986. Naar een teorie over de beroepssocialisatie van vrouwen. *Pedagogische studien*, (63):315-325.
- CAMPBELL, P.B. 1986. What's a nice girl like you doing in a math class? *Phi Delta Kappan*: 516-519, March.
- CETRON, M. & O'TOOLE, T. 1982. Encounters with the future. New York: McGraw-Hill.

- CILLIERS, S.P. & JOUBERT, D.D. 1966. Sosiologie: 'n sistematiese inleiding. Stellenbosch: Kosmo.
- COHEN, L. & MANION, L. 1980. Research methods in education. London: Croom Helm.
- COLWILL, N.L. 1982. The new partnership. Woman & men in organizations. Palo Alto, Cal.: Mayfield.
- COOPER, M. 1984. Self-identity in adolescent school refusers and truants. *Educational review*, 36(3):230-231.
- CROWLEY, A. 1987. Psychological testing in guidance. *Educational and vocational guidance bulletin of the International Bureau of Education*, 61(242/243) 1st & 2nd quarters:25.
- DE BEER, J.J. 1980. Die invloed van televisie op die belangstellingspatrone van standerd tien-leerlinge. Pretoria: RGN. (Komm-24.)
- DE JONG, S.M.L. 1985. Die beroepswaardes van standerd tien-leerlinge. Johannesburg (Skripsie (MA) - RAU.)
- DE KLERK, J. 1984. Ouerskap in 'n tegnokratiese bestel. *Die Unie*, 80(11):296-299, Mei.
- DEPARTEMENT van statistiek. Bevolkingsensus 1970.  
kyk  
SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van statistiek.
- DU TOIT, S.H.C., STEYN, A.G.W. & STUMPF, R.H. 1986. Graphical exploratory data analysis. New York: Springer-Verslag.
- EHRHARDT, A.A., INCE, S.E. & MEYER-BAHLBURG, H.F.L. 1981. Career aspirations and gender role development in young girls. *Archives of sexual behavior*, 10(3):281-299.

- FAGOT, B.I. & LEINBACH, M.D. 1985. Gender identity: some thoughts on an old concept. *Journal of the American Academy of Child Psychiatry*, 24(6):684-688.
- FORD, C. 1985. Woman in management: the revolution that never happens. *Unilever Magazines*, 2(56):14-18.
- FOUCHE, F.A. & ALBERTS, M.A. 1970. Voorlopige handleiding vir die Senior Aanlegtoetse. Pretoria: RGN. Instituut vir Psigometriese Navorsing (718PV.)
- FOUCHE, F.A. & VERWEY, F.A. 1982. Handleiding vir die Senior Aanlegtoetse. Pretoria: RGN. Instituut vir Psigometriese Navorsing (SAT 78.)
- GARBERS, J.G. 1979. Skoolvoorligting in 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys, met verwysing na die plek van sielkundige- en skolasiese toetse: referaat gelewer tydens 'n konferensie ter herdenking van die tiende bestaansjaar van die RGN by die WNNR-Konferensiesentrum, Pretoria, 17-20 Sept. 1979. (Ontwikkeling van mensepotensiaal). Pretoria: RGN (PR 28.)
- GAY, L.R. 1976. Educational research: competencies for analysis and application. Columbus, Ohio: Merrill.
- GEORG, I. & MAUER, E. 1970. Blanke vrouearbeid in Suid-Afrika: 'n bronnestudie. Johannesburg: Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing.
- GERMAN, S.G. 1982. Female role awareness programs and materials for adolescent females: is there a cause for concern? *The school counselor*. Nov.:370.
- GERSENFELD, M.K. 1987. Transition stages for woman. Address delivered at the 45th annual convention. International Council for Psychologists. New York: VSA. (Ongepubliseer.)

- GOETSCH, DAVID L. & GULLEDGE, E.N. 1981. Achieving sex equity via vocational education. *Community and junior college journal*, 52(1) Sept.:11-15.
- GOTHARD, B. 1987. The provision of guidance services. *Educational and vocational guidance bulletin of the International Bureau of Education*, 61(242/243) 1st and 2nd quarters: 14-15.
- GROTENHUIS, R. & VOLMAN, M. 1986. Meisjesonderwijs of onderwijs voor meisjes? *Pedagogische studien*, (63):326-336.
- HIRSCHOWITZ, R. 1986. Waarom gegradueerde vroue werk. Pretoria: RGN. Instituut vir Mannekragnavorsing. (Mededeling 21.)
- HOPKINS, C.D. 1976. Educational research: a structure for inquiry. Columbus, Ohio: Merrill.
- JACOBS, L.J. & VREY, J.D. 1982. Selfkonsep, diagnose en terapie. Pretoria: Academica.
- LANDMAN, W.A., ROOS, G., MENTZ, N.J. 1979. Fundamentele pedagogiek, leerwyses en vakonderrig. Durban: Butterworth.
- LUCAS, C.J., 1984. Foundations of education. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.
- MANNEKRAGOPNAME Nr. 16, 1985. Opsomming: beroepsindeling. Vol. 1.  
kyk  
SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Arbeid.  
Mannekragopname nr. 16.
- MARAIS, J.L. 1986. Die opleiding van skoolvoorgligters. Referaat gelewer op 2-3 Okt. Simposium: vakdidaktieke, skoolvoorgligting. Johannesburg: RAU. (Ongepubliseer.)

- MARAIS, J.L. 1987. Faktore wat die opleiding van voorligtingonderwysers (gaan) beïnvloed - 'n toekomspektief. Publikasiereeks van die Opvoedkunde vereniging van Suid-Afrika (OVSA), 21:110-124.
- MONTEITH, J.L. DE K. 1987. Geslagsverskille in prestasie in wiskunde en natuur- en skeikunde. Publikasiereeks van die Opvoedkunde vereniging van Suid-Afrika (OVSA), 21:185-202.
- MOULY, G.J. 1978. Educational research. Toronto: Bacon.
- MYRDAL, A. & KLEIN, V. 1968. Womans two roles. London: Routledge & Paul.
- OOSTHUIZEN, J.D. 1982. Identiteitsvorming as taak van skoolvoorligting. *Educare*, 11(11):10-11.
- OOSTHUIZEN, J.D., JACOBS, L.J., VAUGHN, T. van B. & BESTER, G. 1981. *Spesiale Empiriese Opvoedkunde*. Pretoria: UNISA. (Gids OSE402.)
- OSIPOW, S.H. 1983. Theories of career development. 3rd ed. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.
- PISTORIUS, P. 1984. Die gesitueerdheid van die vrou in 'n veranderende wêreld. Lesing gelewer, Empiriese opvoedkunde, 15 Junie. Johannesburg: RAU. (Aantekeninge in besit van outeur.)
- POST-KAMMER, P. & PERRONNE, P. 1983. Career perceptions of talented individuals. *Vocational guidance quarterly*, 32:203-211.
- POST-KAMMER, P. & SMITH, P.L. 1983. Sex differences in career self-efficacy. *Journal of counselling Psychology*, 32(4):551-559.
- ROBISON-AWANA P., KEHLE, T.J. & JENSON, W.R. 1986. But what about smart girls? Adolescent self-esteem and sex role perceptions as a function of academic achievement. *Journal of educational Psychology*. 78(3): 179-183.

- ROOS, W.L. 1984. Prestasieprofile vir hoëvlakwerkkrag. Pretoria: RGN.
- SANDERS, H.R. 1976.. Beroepsgeleenthede vir die vroulike dokter in die Republiek. Pretoria: Departement van Gesondheid. (Monografie 3.)
- SAS INSTITUTE INC., 1985. SAS User's guide: Basics, version e edition cary, NC: SAS Institute Inc.
- SCHREIBER, C.T. 1979. Changing places. Cambridge, Mass: MIT Press.
- SHAPIRO, J.P. 1987. Woman in education: at risk or prepared? *Educational Forum*. 51(2):167-179.
- SMIT, P.C. 1978. Beroepsinligting. Pretoria: RGN. (VR-6.)
- STEFFLRE, B. & GRANT, W.H. 1972. Theories of counselling. New York: MacGraw-Hill.
- STEYN, A.F. & BREEDT, A. 1977. Die veranderende gesin. Pretoria: Academica.
- STIMIE, C.M. (red.) 1974. Opleiding en beroepsgeleenthede vir skoolverlaters voor standerd tien. Pretoria: RGN. (VR-3.)
- STROMBERG, A.H. & HARKESS, S. 1978. Working: theories and facts in perspective. Palo Alto, Cal.: Mayfield.
- SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van statistiek. Bevolkingsensus 1970. Metropolitaanse gebied: Vereeniging, Vanderbijlpark, Sasolburg. Pretoria: Staatsdrukker. (Verslag Nr. 02-25-23.)
- SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Arbeid. Mannekragopname, 16(1), Pretoria: Departement van Arbeid.
- SULLEROT, E. 1969. De Vrouwenarbeid in onze tijd. Brussels, België: Paul Brand.

- TUCKMAN, B.W. 1978. Conducting educational research. 2nd ed. New York: Harcourt.
- TURNER, B. & ROBB, G. 1971. Research methods in education. London: Croom Helm.
- VAN DER MERWE, A.A. 1983. Die Christelike skool in toekomspektief met spesiale verwysing na die wetenskaplik-tegnologiese leefwêreld. *Onderwysbulletin*, XXVII (2):4-14.
- VAN DER MERWE, P.J. 1984. Toespraak by geleentheid van die nasionale konvensie vir vroue '84. *Die Vaderland*. 11 Sept.:8.
- VAN DER WERF, M.P.C. 1986. Vrouwelike docenten als identifikasie-modellen voor meisies. *Pedagogische studien*, 1986(63):305-314.
- VAN DER WESTHUIZEN, J.G.L. 1980. Handleiding vir die gebruik van silekundige en skolastiese toetse as hulpmiddels by skoolvoortligting. 2de druk. Pretoria: RGN. (VR-2.)
- VAN ECK, E. & VEEKEN, L. 1986. Wiskunde, niets voor meisies? *Pedagogische studien*, 1986(63):293-304.
- VAN ROOYEN, J. 1981. Female career commitment: a life-span perspective. Johannesburg: CSIR. (Special Report. PERS 327.)
- VAN ROOYEN, J. 1984. Woman who work. *Careers for you*. 1(5):18.
- VAN WYNGAARDT, A. 1984. Die houdings en verwagtings van blanke studente ten opsigte van die werkende vrou. Johannesburg. (Verhandeling (MA) - RAU.)
- VERHAGE, H.M. 1984. Loopbaanontwikkeling en mannekragsbenutting op nasionale vlak. (Referaat gelewer tydens 'n voortligtingsimposium gedurende Oktober, departemente voortligting & ortopedagogiek, psigologie en studentevoortligting, PU vir CHO). (Ongepubliseer.)

- VREY, J.D. 1979. Die opvoedeling in sy selfaktualisering. Pretoria: UNISA.
- WALZ, G.R. 1987. Trends and themes in career guidance and counselling literature in the last decade. *Educational and vocational guidance bulletin of the International Bureau of Education*, 61(242/243) 1st & 2nd quarters: 19.
- WEINRACH, S.G. 1987. The role of educational and occupational information in career guidance. *Educational and vocational guidance bulletin of the International Bureau of Education*, 61(242/243) 1st & 2nd quarters: 29.
- WILLIAMS, K., GOODMAN, M. & GREEN, R. 1985. Parent-child factors in gender role socialization in girls. *Journal of the American academy of child Psychiatry*. 26(6):720-731.
- YOUNGMAN, M.B. Designing and analysing questionnaires. Rediquides, 12. Nottingham: University School of Education.

BYLAE A  
UNIVERSITEITSGRADE GEGROEPEER IN AGT BREë STUDIERIGTINGS

**1. Toegepaste natuurwetenskappe**

B.Agric.<sup>1</sup>  
B.Arch.  
B. Boukunde  
B.B.Sc.  
B.Cur.  
B.Huishoudkunde  
B. in Landbou-onderwys  
B.Landboubestuur  
B.Pharm.  
B.Pharm.  
B.Sc. (Agric.)  
B.Sc. (Bosbou)  
B.Sc. (Bou-admin.)  
B.Sc. (Boubestuur)  
B.Sc. (Building)  
B.Sc. (Compt. Sc.)  
B.Sc. (Dieet.)  
B.Sc. (Fisioterapie)  
B.Sc. (Houtkunde)  
B.Sc. (Huishoudkunde)  
B.Sc. (Industr. Chem.)  
B.Sc. Ing. (Landmeetkunde)  
B.Sc. (L.O.)  
B.Sc. (Med.)  
B.Sc. (Pharm.)  
B.Sc. (Med.)  
B.Sc. (Pharm.)  
B.Sc. (Q.S.)

<sup>1</sup> Die graadbenamings soos hier gegee, is soos dit verskyn in die jaarboeke van die verskillende universiteite in die RSA

B.Sc. (S+S)  
B.Sc. (Verpleegkunde)  
B.Sc. (Voedselwetenskap)

## **2. Suiwer Natuurwetenskappe**

B.Sc.

## **3. Toegepaste geesteswetenskappe**

B.A. (Admissie)  
B.A. (Art)  
B.A. (Beplanning)  
B.A. (Bibl.)  
B.A. (B.K.)  
B.A. (Drama en Toneel)  
B.A. (Ed.)  
B.A. et Sc. (Beplanning)  
B.A. (Komm.)  
B.A. (L.O.)  
B.A. (Log.)  
B.A. (Mus.) (3- en 4-jarige kursus)  
B.A. (M.W.)  
B.A. (Pol.)  
B.A. (S.K.)  
B.A. (Sp. + H. Ther.)  
B.A. (Staatswetenskap)  
B.A. (S.W. of M.W.)  
B.A. Toneelkunde  
B.A. (Verpleegkunde)  
B. Arbeidsterapie  
B.Bibl.  
B.Cur. (I et A)  
B.Journ.  
B.Mil.  
B.Mus

B.Mus (Ed.)  
B.P.L.  
B.Soc. Sc.  
B.Soc. Sc. (Verpleegkunde)  
B.Verpleegkunde

#### **4. Suiwer geesteswetenskappe**

B.A.

#### **5. Ingenieurswese**

B.Ing./ (Elektrotegnies)  
B.Ing. (Meg.)  
B.Ing. (Siviel)  
B.Sc. B.Ing. (Chem.)  
B.Sc. B.Ing. (Elek.)  
B.Sc. B.Ing. (Meg.)  
B.Sc. B. Ing. (Siviel)  
B.Sc. Ing. (Agric.)  
B.Sc. Ing. (Bedryf.)  
B.Sc. Ing. (Chem.)  
B.Sc. Ing. (Elek.)  
B.Sc. Ing. (Meg.)  
B.Sc. Ing. (Metal.)  
B.Sc. Ing. (Mynbou)  
B.Sc. Ing. (Siviel)

#### **6. Medies + Tandheelkunde + Veeartsenykunde**

B.Ch.D. of B.D.S.  
B.V.Sc.  
M.B., Ch.B. of M.B., B.Ch. of B.M.


## **7. Handel + Administrasie**

B.Admin.  
B.Acc.  
B.Bus.Sc.  
B.Com.  
B.Compt.  
C.Ekon.  
B.Sc. (Econ.)


## **8. Regte**

B.A. (Regte)  
B.Com. (Regte)  
B.lur.  
B.Proc.  
LL.B.


Intelligensie- en aanlegprofiel vir die studierigting: Toegepaste Natuurwetenskappe (st. 10)




Intelligenste- en aanlegprofiel vir die studierigting: Suiker Natuurwetenskappe (st. 10)




# Intelligensie- en aanleeprofiel vir die studierigting: Toegepaste Geesteswetenskappe (sl. 10)




Intelligensie- en aanleegprofiel vir die studierigting: Suiker Geesteswetenskappe (st. 10)







Intelligensie-aanleiprofiel vir die studierigting: Medies + Tandheelkunde + Veeartsenykunde  
(st. 10)



Intelligenste- en aanlegprofiel vir die studierigting: Handel + Administrasie (st. 10)



Intelligensie- en aanlegprofiel vir die studierigting: Regte (st. 10)



## BYLAE C

### VRAELYS VIR AFRIKAANSSPREKENDE STANDERD 10 MEISIES

#### DOEL:

Hierdie vraelys is saamgestel om inligting oor die beroepsverwagting van Afrikaanssprekende standaard 10-meisies in te win.

#### INSTRUKSIES:

- 1 Beantwoord die vraelys deur 'n duidelike kring om die syfer teenoor die antwoord wat op u van toepassing is, te trek.

Voorbeeld

Hoeveel kinders in u gesin:

|            |     |
|------------|-----|
| Een .....  | 1   |
| Twee ..... | 2   |
| Drie ..... | (3) |
| Vier ..... | 4   |
| Vyf .....  | 5   |
| Meer ..... | 6   |

2. Skryf u kommentaar in die ruimtes by die vrae waar dit verlang word.
- 3 Die kodenommers aan die regterkant is slegs vir rekenaargebruik.
- 4 Daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie. Die beste antwoord is die een wat die beste vir u is.
- 5 Maak asseblief seker dat u al die vrae beantwoord.

AL DIE INLIGTING SAL MET DIE GROOTSTE MATE VAN  
VERTROULIKHEID HANTEER WORD EN SAL SLEGS VIR  
NAVORSINGSDOELEINDES GEBRUIK WORD.

U samewerking word hoog op prys gestel. Baie dankie!

## AFDELING A. STUDIERIGTING

1. Dui u studierigting hier aan.

|                                          |       |
|------------------------------------------|-------|
| Geesteswetenskaplike studierigting ..... | 1     |
| Natuurwetenskaplike studierigting .....  | 2     |
| Handelstudierigting .....                | 3 (1) |
| Tegniese studierigting .....             | 4     |
| Musiekstudierigting .....                | 5     |
| Algemene studierigting .....             | 6     |

## AFDELING B. BEROEPSVERWAGTINGE

2. Dink u dat daar voldoende beroepsgeleenthede vir blanke meisies in Suid-Afrika is?

- Ja ..... 1 (2)  
Nee ..... 2

3. Indien u by vraag 10 NEE geantwoord het, dui aan waarom u so dink.

.....  
.....  
.....  
.....

4. Dink u dat die beroepsvoorligting wat meisies op skool ontvang vir haar van waarde is by haar beroepskeuse?

- Ja ..... 1 (3)  
Nee ..... 2

5. Indien u by vraag 4 NEE geantwoord het, motiveer waarom.

.....  
.....  
.....  
.....

6. Voel u dat 'n vrou beroepe wat tradisioneel deur mans beoefen is (bv. ambagsman, ingenieur ens.) ewe goed as mans kan verrig?

Ja ..... 1

(4)

Nee ..... 2

7. Voel u as meisie onseker oor u beroepstoekoms in 'n veranderende Suid-Afrika?

Ja ..... 1

(5)

Nee ..... 2

8. Motiveer asseblief u antwoord op vraag 15.

.....  
.....  
.....  
.....

9. Dink u dit is belangrik dat 'n vrou haar vir 'n beroep bekwaam?

Ja ..... 1

(6)

Nee ..... 2

10. Dui aan of u sou verkies om:

|                                               |       |
|-----------------------------------------------|-------|
| In die huwelik te tree .....                  | 1     |
| 'n Beroep te beoefen .....                    | 2 (7) |
| Getroud te wees en 'n beroep te beoefen ..... | 3     |
| Nie seker nie .....                           | 4     |

#### AFDELING C: BEROEPSKEUSE

11. Het u al tot 'n finale beroepskeuse gekom?

|           |   |     |
|-----------|---|-----|
| Ja .....  | 1 |     |
| Nee ..... | 2 | (8) |

12. Indien u JA by vraag 11 geantwoord het, meld u keuse hier.

.....

13. Indien u NEE by vraag 11 geantwoord het, waarom nie?

|                                   |       |
|-----------------------------------|-------|
| Is nog onseker .....              | 1     |
| Het te min beroepskennis .....    | 2 (9) |
| 'n Ander rede (spesifiseer) ..... | 3     |

14. Indien u nog nie finaal 'n beroep gekies het nie, skryf drie beroepe neer wat u moontlik sal oorweeg

.....  
.....  
.....

15. Indien u reeds op 'n beroep besluit het of reeds weet watter soort werk u gaan doen, wie het u daartoe beïnvloed? (Dui slegs EEN aan).

|                                              |   |      |
|----------------------------------------------|---|------|
| Ek het uit eie oorweging so besluit .....    | 1 |      |
| My ouers/voogde .....                        | 2 |      |
| 'n Familielid(lede) .....                    | 3 |      |
| 'n Vriend(e) .....                           | 4 | (10) |
| Die skoolhoof .....                          | 5 |      |
| Die beroepsvoorligteronderwyser .....        | 6 |      |
| 'n Ander onderwyser .....                    | 7 |      |
| Die skoolsielkundige .....                   | 8 |      |
| 'n Ander persoon nie hierbo genoem nie ..... | 9 |      |

16. Hoe voel u ouers oor u beroepskeuse?

|                        |   |      |
|------------------------|---|------|
| Tevrede .....          | 1 |      |
| Nie gelukkig nie ..... | 2 | (11) |
| Ek weet nie .....      | 3 |      |

17. Moet u opleiding ontvang vir u beroep wat u kies?

|           |   |      |
|-----------|---|------|
| Ja .....  | 1 |      |
| Nee ..... | 2 | (12) |

18. Indien wel, waar?

|                              |   |      |
|------------------------------|---|------|
| Universiteit .....           | 1 |      |
| Technikon .....              | 2 | (13) |
| Tegniese kollege .....       | 3 |      |
| Onderwyskollege .....        | 4 |      |
| Korrespondensiekollege ..... | 5 |      |
| Ander (spesifiseer) .....    | 7 |      |

19. Is u van plan om eers later in u lewe verder te studeer?

Ja ..... 1

(14)

Nee ..... 2

20 Indien u by vraag 19 JA geantwoord het, waarom?

Ek is nog onseker oor my loopbaankeuse ..... 1

Ek wil nou my eie geld verdien ..... 2 (15)

Ander rede (meld dit hier) ..... 3